

Hoofstuk 5

Die gedrukte teks

Die uitvinding van die boekdrukkuns deur Johannes Gutenberg in die 15de eeu het die wyse waarop tekste vermeerder en versprei is, drasties verander en het 'n abrupte einde gemaak aan die oorlewering van die teks by wyse van handgekopieerde manuskripte. Daarmee saam is ook die posisie van manuskripte in die oorleweringproses verander. Tot voor die uitvinding van die boekdrukkuns was manuskrip en teks gelyk. Die manuskripte wás die teks. Met die uitvinding van die boekdrukkuns het die gedrukte weergawe hierdie rol oorgeneem, met die gevolg dat die manuskrip nou die bron van die teks geword het. Met ander woorde, die gedrukte weergawe van 'n boek was veronderstel om die oorspronklike teks te bevat, en om seker te maak dat dit die geval is, moes dit op die mees betroubare manuskripte gebaseer wees.

Waar alle manuskripte dus voorheen - ongeag die verskille tussen hulle - as verteenwoordigers van die Nuwe Testament geag is, het die uitvinding van die boekdrukkuns skielik vrae na die waarde, akkuraatheid en betroubaarheid van manuskripte gebring. Die rede hiervoor is duidelik: Die gedrukte teks sou duisende identiese kopieë van slegs een manuskrip as verteenwoordigend van die oorspronklike teks die wêreld instuur en dit het die onus op die samesteller geplaas om toe te sien dat hy nie 'n onbetroubare manuskrip op hierdie wyse die wêreld instuur nie. Met hierdie vraag, naamlik die wyse waarop die mees betroubare manuskrip as basis vir die gedrukte teks geïdentifiseer kon word, neem die geskiedenis van die publikasie van die Griekse Nuwe Testament in die 16de eeu 'n aanvang - 'n geskiedenis wat net so kompleks en interessant verloop het as die geskiedenis van die oorlewering van die teks deur handgeskrewe kopieë.

Die metodologiese vraag wat by die samestelling van die heel eerste Griekse Nuwe Testament teenwoordig was, het die publikasie van die Griekse Nuwe Testament dwarsdeur sy hele geskiedenis vergesel, sodat dit haas onmoontlik is om die geskiedenis van die teks sonder die geskiedenis van die ontwikkeling van die metodiek te beskryf. Die verskillende antwoorde wat deur die afgelope vyf eeue op hierdie vraag gegee is, bepaal hoofsaaklik die aard van die tekste wat gepubliseer is, en op grond daarvan kan die geskiedenis van die gedrukte teks ook in 'n aantal tydperke ingedeel word.

1. FAKTORE WAT DIE GESKIEDENIS BEÏNVLOED HET

Daar is veral drie faktore wat die geskiedenis van die ontwikkeling van die Nuwe Testamentiese Tekskritiek as wetenskap en die gevolglike publikasie van tekste beïnvloed het.

Literatuur: Petzer 1988c.

1.1 Die beskikbaarheid van bronne

Met die uitvinding van die boekdrukkuns in die 15de eeu, was daar min Griekse manuskripte tot tekssamestellers se beskikking. So erg was dit dat een van die vroegste tekssamestellers 'n gedeelte uit Latyn, wat die standaardbybel van die tyd in die Weste was, in Grieks moes terugvertaal, omdat hy geen manuskrip wat die betrokke gedeelte bevat het, kon vind nie. Daarby was al die manuskripte wat bekend was, minuskelmanuskripte uit die laat-Middeleeue en bitter min vroeë manuskripte was bekend. Hierdie toestand het 'n besliste invloed op die eerste tekste gehad, deurdat hierdie tekste die tipiese eienskappe van hierdie manuskripte openbaar het.

Sedert die 16de en veral die 17de eeu het al hoe meer manuskripte en al hoe ouer manuskripte aan die lig gekom. Dit het die ontwikkeling van die metodiek gestimuleer omdat vrae oor die waarde van hierdie manuskripte beantwoord moes word. Uiteindelik het die ontdekking van *Kodeks X* in die 18de eeu, en die beskikbaarstelling van *Kodeks B* in dieselfde tyd, tot baie besliste metodologiese ontwikkelinge gelei, omdat hierdie twee manuskripte vir die eerste keer direkte getuienis oor die toestand van die teks in die 4de eeu beskikbaar gestel het. Die ontdekking van die Chester Beatty- en Martin Bodmer-papiri in die middel van die 20ste eeu het dieselfde uitwerking op die ontwikkeling van die metodiek gehad, omdat hierdie manuskripte vir die eerste keer sedert die 16de eeu direkte getuienis van die toestand van die teks in die 2de en 3de eeue gebied het.

Dit is uit die geskiedenis van hierdie wetenskap duidelik dat dit veral die ontdekking en beskikbaarstelling van manuskripte is wat die ontwikkeling van die metodiek gestimuleer het.

1.2 Ontwikkelinge in verwante wetenskappe

Ontwikkelinge in wetenskappe wat direk en indirek met die Tekskritiek verband hou, het ewe-eens die metodologiese ontwikkeling van hierdie wetenskap beïnvloed. Die koms van die Rasionalisme in die 17de-eeuse Filosofie het 'n direkte invloed op

die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek gehad, deurdat die ontwikkeling van die eerste metode, waarvolgens tekste saamgestel is, vroeg in die 18de eeu 'n direkte gevolg hiervan was. Die feit dat Nuwe-Testamentiese Tekskritiek in hierdie vroeë tydperk saam met veral die Hermeneutiek ontwikkel is (dikwels deur dieselfde persone), het meegebring dat die metodiek en benaderings daarvan elemente van die historiese kritiek bevat het. Die verandering in die aard van die Hermeneutiek (en in die verklaringswetenskappe in die algemeen) vroeg in die 20ste eeu, waarvolgens minder aandag aan historiese aspekte en meer aandag aan inhoudelike aspekte van tekste gegee is, het ook na die Tekskritiek deurgewerk, sodat die metodiek weer in die 20ste eeu 'n verandering ondergaan het.

1.3 Die kerklike toestand

Ten slotte het ook die kerklike toestand en die posisie van die kerk in die samelewing die metodiek van hierdie wetenskap beïnvloed. Dit is bekend dat die kerk in die laat-Middeleeue 'n besondere houvas op die wetenskap en die ontwikkeling daarvan gehad het - so erg dat mense vervolg is vir ontwikkelinge in wetenskappe wat niks met die teologie te make gehad het nie. Namate die Rasionalisme die denkklimaat verander het, het hierdie kerklike houvas begin afneem. Hierdie houvas, en die gevolge daarvan, het egter 'n baie direkte invloed op die teksgeskiedenis van die Nuwe Testament gehad. Vir bykans vier eeue is niemand toegelaat om 'n teks wat van die kerklik gesanksioneerde teks afgewyk het, te publiseer nie en moes die metodologiese ontwikkelinge wat wél plaasgevind het, slegs in teorie plaasvind. Hierdie toestand het eers in die 19de eeu verander toe ook hierdie wetenskap hom by die ander kon aansluit en die vryheid van die Rasionalisme ten volle kon benut.

2. OORSIG OOR DIE GESKIEDENIS

Die geskiedenis van die gedrukte teks en die ontwikkeling van die tekskritiese metode kan in verskillende tydperke ingedeel word.

Die eerste tydperk strek ongeveer van 1516 tot 1633 en kan as die tydperk van die ontstaan van die aanvaarde teks (*Textus Receptus*) beskou word. Die eerste Griekse Nuwe Testament verskyn in 1516 en na enkele uitgawes word laat in die 16de eeu in Engeland en vroeg in die 17de eeu in Europa tekste gepubliseer wat kerklik as die aanvaarde teks (*Textus Receptus*) begin funksioneer het.

Die tweede tydperk, wat as die dominerende van die aanvaarde teks bekend staan, strek van ongeveer 1633 tot 1775. In hierdie tydperk is letterlik duisende

manuskripte ontdek en het die metodiek van die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek sy beslag gekry. Weens die kerklike gesag en dominerende van die *Textus Receptus* kon niemand dit egter waag om 'n alternatiewe teks te publiseer nie.

Gedurende die tydperk 1775 tot 1881 is egter algaande begin om die resultate van metodologiese ontwikkelinge ook in die praktyk in tekste aan te bied en algaande is tekste gepubliseer wat van die *Textus Receptus* afgewyk het. Aanvanklik was die afwykings beskeie. Later, in die middel van die 19de eeu, is totaal ander tekste gepubliseer, wat egter nie as alternatiewe aangebied is nie, maar slegs as historiese rekonstruksies. Uiteindelik is in 1881 'n totale alternatief in Engeland deur Westcott en Hort gepubliseer. Hierdie jaar het die groot keerpunt in die geskiedenis van hierdie wetenskap geword, deurdat die gesag van die *Textus Receptus* finaal beeindig is. Van hierdie jaar af was tekssamestellers vry om enige teks te publiseer en het daar inderdaad 'n aantal tekste verskyn, wat in baie opsigte van mekaar verskil.

Die tydperk van 1881 tot ongeveer 1930 is gekenmerk deur pogings om die teorieë van Westcott en Hort te verfyn. Baie aandag is gedurende hierdie tydperk aan veral die rekonstruksie van die geskiedenis van die teks en die bestudering van die verskillende teksfamilies gegee.

Sedert 1930 tot 1990 het die aard van die metode egter verander, sodat daar minder aandag aan die historiese aspekte en meer aandag aan metodologiese aspekte gegee is. Die aard van die metode het verander van 'n basiese historiese metode in die vorige tydperk tot 'n basiese eklektiese metode in hierdie tydperk.

Literatuur: Aland & Aland 1982; Colwell 1952; Combrink 1977; 1978a; 1978b; Ehrman 1981; Epp 1976a; Finegan 1974; Greenlee 1964; Hammond 1902; Junack 1978; Kenyon 1912; Metzger 1968b; 1987; Nestle 1909; Petzer 1987; 1988a; 1988c; V Taylor 1961; Thiele 1967; Tregelles 1854; Vaganey 1937; Vogels 1923.

3. VAN EERSTE TOT AANVAARDE TEKS (1516-1633)

Die eerste omvangryke werk uit Gutenberg se drukpers was die bekende *Gutenbergbybel*, 'n prageksempaar van die Vulgata, wat in 1450 tot 1456 verskyn het. Hierna het verskillende uitgawes van die Latynse Bybel gevolg. Die Griekse teks van die Nuwe Testament moes meer as 'n halfeeu wag voordat 'n volledige uitgawe daarvan verskyn het. Hoewel kleiner dele van die Griekse Nuwe Testament wel verskyn het, was dit eers in 1516 dat die Griekse Nuwe Testament sy *editio princeps* (eerste uitgawe) gehad het toe die teks van *Desiderius Erasmus*, die bekende humanis van Rotterdam, uit die drukpers voortgekom het.

Waarom die vertraging? Daar is waarskynlik baie redes. Een van die belangrikste redes is waarskynlik die toestand van die minuskelskrif in die 16de eeu. Daar word bereken dat daar op daardie stadium ongeveer 800 verskillende letters, simbole, sametrekings, afkortings en ligature gebruik is. Dit was dus eers nodig om die letterwerk te standaardiseer voordat daar tot die druk van Griekse tekste oorgegaan kon word. 'n Belangriker rede moet egter waarskynlik in die posisie van die Vulgata as amptelike Bybel van die Westerse Kerk in die algemeen gesoek word. Die Vulgata het die toneel in so 'n mate oorheers dat die publikasie van die Griekse teks waarskynlik as 'n luukse (en onnodigheid) beskou is.

3.1 Die eerste teks

(a) Erasmus

Nietemin, in 1516 verskyn die eerste Griekse Nuwe Testament uiteindelik uit die drukpers. Soos genoem is hierdie teks saamgestel deur *Erasmus van Rotterdam*. In werklikheid was Erasmus se teks nie die eerste voltooide teks nie. In die Spaanse dorpie *Complutum* (die Latynse naam vir *Alcala*) het 'n kardinaal van die Rooms-Katolieke Kerk, *Francisco Ximenes de Cisneros*, reeds teen 1514 'n Poliglot voltooi, wat vernoem is na die plek waar dit gemaak is en as die *Komplutensiese Poliglot* bekend staan. Hierdie teks het die Bybel in Hebreeus, Grieks, Aramees en Latyn bevat. Dit was reeds teen 1514 gereed, maar moes tot 1522 op pouslike sanksie wag voordat dit amptelik gepubliseer kon word.

Die uitstel van die publikasie van die Poliglot was skynbaar een van die motiverings vir Erasmus om sy teks die lig te laat sien. Hy is deur 'n uitgewer vriend van hom, *Froben van Basel*, aangemoedig om 'n teks voor te berei sodat hy, en daarom ook die uitgewer, in die annale van die geskiedenis opgeteken sou staan as die eerste wat 'n teks van die Griekse Nuwe Testament gepubliseer het. Hierdie uitdaging het Erasmus welgeval en binne ses maande het hy sy teks vir die drukpers gereed gehad. In die voorwoord erken hy self dat die teks baie haastig saamgestel is. Die haas waarmee hy gewerk het, is uiteindelik ook in die teks self sigbaar. In die eerste plek is daar geen ondersoek na manuskripte ten grondslag van hierdie teks nie, alhoewel Erasmus beweer dat hy die oudste en beste manuskripte vir sy teks gebruik het. Latere studies van Erasmus se teks het aan die lig gebring dat hy inderdaad nie die oudste en beste manuskripte gebruik het nie, nie eers die oudste en beste wat tot sy beskikking was nie. Dit blyk dat Erasmus slegs ses minuskelmanuskripte gebruik het, naamlik dié wat vandag as *Kodekse 2^e, 2^{ap}, 1^r, 1^{cap}, 4^{ap} en 7^p* bekend is. Van hierdie manuskripte het hy die eerste drie as basiese

manuskripte gebruik en die laaste drie as kontrolemanuskripte en hulle getuienis slegs in enkele gevalle gevolg. Al hierdie manuskripte, met die uitsondering van 1^{cap}, is deel van die laat-Middeleeuse minuskelteks, sodat Erasmus se teks direk by die bekende manuskripteks van sy tyd aansluit. Die haas waarmee die teks saamgestel is, blyk ook uit Erasmus se hantering van die slothoofstukke van Openbaring, wat in *Kodeks 1^r*, die manuskrip wat hy vir Openbaring gebruik het, ontbreek het. Omdat hy nie gou genoeg sy hande op 'n manuskrip kon lê wat hierdie verse (die laaste 6 verse van Openbaring) bevat het nie, het hy dit maar self uit Latyn in Grieks terugvertaal. Die gevolg was 'n teks wat in talle lesings van enige bekende standaard afgewyk het. In hierdie laaste verse kom selfs 'n woord in Erasmus se teks voor, wat nêrens anders in die hele Griekse literatuur voorkom nie.

Die verskyning van Erasmus se teks het 'n interessante diskussie ontlok, wat waarskynlik die eerste werklike diskussie oor 'n tekskritiese aangeleentheid in die moderne geskiedenis van hierdie wetenskap was. Stunica, een van die samestellers van die *Komplutensiese Poliglot*, het Erasmus daarop gewys dat die bekende *comma johanneum* in 1 Jh 5: 7-8 in sy teks ontbreek, en daarop aangedring dat hierdie woorde by 'n volgende uitgawe van sy teks ingesluit moet word. Erasmus het geweier en as rede aangevoer dat hy die betrokke woorde nie in enige Griekse manuskrip wat aan hom bekend is, kon vind nie, ofskoon dit 'n bekende deel van die Vulgata was. Nietemin het Erasmus onderneem om dit by sy teks in te sluit indien 'n Griekse manuskrip met hierdie woorde aan hom getoon sou kon word. Spoedig is so 'n manuskrip (*Kodeks 69*, wat uit die 16de eeu dateer!) aan hom getoon en hy was verplig om die betrokke woorde by sy teks in te sluit, nieestaanstaande agterdog dat die betrokke manuskrip in daardie selfde tyd vervaardig is met die uitsluitlike doel om hom te dwing om sy belofte na te kom. Gevolglik word hierdie woorde in die derde uitgawe van sy teks, wat in 1522 verskyn het, ingesluit. Uiteindelik het hierdie woorde hul weg tot in die aanvaarde teks en daarna tot in al die aanvanklike 'groot' vertalings van die Bybel, soos die Nederlandse *Statevertaling*, die Engelse *Authorised of King James Version*, en selfs die ou *Afrikaanse* vertaling van 1933 gevind, hoewel daar selfs vandag geen Griekse getuienis voor die minuskeltydperk gevind kan word waarin hierdie woorde voorkom nie.

Om saam te vat: Erasmus het dus die Bisantynse tradisie, en in besonder die laat-Middeleeuse weergawe daarvan, voortgesit deur 'n teks te publiseer wat nie op die oudste en beste manuskripte gebaseer was nie, maar in werklikheid op jong en onbetroubare manuskripte. Tog was die blote feit van hierdie teks 'n belangrike deurbraak en moet Erasmus nie te swaar geoordeel word nie. Daar was in sy tyd immers geen metode om te bepaal watter manuskripte die oudste en beste was nie en onder die omstandighede het die blote feit van sy teks nuwe belangstelling in die

Griekse Nuwe Testament gebring in 'n wêreld wat hoofsaaklik deur die Latynse Vulgata gedomineer was.

Literatuur: Bentley 1976; KW Clark 1959; De Jonge 1980a; 1984; Groenewald 1966; Jordaan 1975; Reicke 1966; Scrivener 1894; Tarelli 1943.

(b) Komplutensiese Poliglot

Die *Komplutensiese Poliglot* is saamgestel met die oog op die herdenking van die geboorte van Koning Karel V en dit is bekend dat die samestellers geen moeite met hierdie uitgawe van die Bybel ontsien het nie. Dit het naamlik vier Bybeltekste, dié van die Hebreeuse, Aramese, Griekse en Latynse Bybels saam met ander boeke soos 'n Hebreeuse grammatika en woordeboek, bevat. Die Griekse teks, wat in die 5de volume gepubliseer is, het vroeg in 1514 van die drukpers gekom en dit is moontlik dat die ander volumes teen ongeveer 1520 finaal gedruk was. Die samestellers moes egter tot 1522 wag voordat Pous Leo X toestemming gegee het dat die teks gepubliseer kon word. Een van die oorsake van die vertraging het skynbaar met die bronne wat vir die samestelling van die teks gebruik is, te make gehad. Die samestellers het manuskripte uit die biblioteek van die Vatikaan vir hierdie teks geleen en die voorwaarde vir publikasie was skynbaar dat die teks gepubliseer kon word sodra al die manuskripte terugbesorg is.

Hoewel die manuskripte ten grondslag van die Poliglot nog nie met dieselfde sekerheid as dié ten grondslag van Erasmus se teks geïdentifiseer kon word nie, is dit uit die teks van die Poliglot duidelik dat dit uiteindelik nie veel van Erasmus se manuskripte verskil het nie. Hoewel ook die Poliglot se samestellers beweer dat hulle die oudste en beste manuskripte gebruik het, het hulle Griekse teks dieselfde laat-Middeleeuse karakter as Erasmus se teks. Die feit dat hulle manuskripte uit die Vatikaan se biblioteek gebruik het, het tot spekulasies gelei of hulle *Kodeks B*, wat op daardie stadium reeds in die betrokke biblioteek beskikbaar was, geraadpleeg het. Die vraag kan nie met sekerheid beantwoord word nie, maar indien die tekstipe van die Poliglot ontleed word, is dit duidelik dat B nie juis 'n invloed op die samestelling van die Poliglot uitgeoefen het nie. Indien B wel geraadpleeg is, het dit slegs in die verbygaan gebeur.

Literatuur: Delitzsch 1871; Jordaan 1975; Scrivener 1894; Lyell 1917; Thomson 1854.

3.2 Die aanvaarde teks

Na die publikasie van die twee *editiones principes* van die Griekse Nuwe Testament het ander teksuitgawes spoedig begin verskyn. Nie almal was egter ewe belangrik nie. Uit 'n historiese oogpunt beskou, is die werk van nog twee samestellers in die 16de eeu en een in die 17de eeu belangrik, hoofsaaklik omdat hulle werk belangrike skakels in die proses om die algemene aanvaarding van die teks vorm.

(a) Stephanus

In 1546 verskyn die eerste uitgawe van die teks van die Fransman *Robert Estienne*, beter bekend deur sy gelatiniseerde naam, *Stephanus*. Stephanus het hierdie teks saamgestel deur hoofsaaklik van Erasmus se teks, eerder as die beskikbare manuskripte, gebruik te maak. In werklikheid was die teks maar 'n blote hernieude uitgawe van Erasmus se teks met enkele veranderinge daarin. Die bronne vir die veranderinge was 'n beperkte aantal manuskripte en die teks van die Komplutensiese Poliglot. Uiteindelik verskil die teks in so min gevalle van Erasmus se teks, dat die verskille weglaatbaar is. Selfs heruitgawes van die teks - die tweede in 1549, die derde in 1550 en die vierde in 1551 - verskil so min van Erasmus se teks dat hierdie teks as 'n blote hersiene uitgawe van Erasmus se teks bestempel kan word.

Onder die verskillende uitgawes van Stephanus se teks neem sy 3de uitgawe van 1550, die sogenaamde *Regia*, om verskeie redes 'n besondere plek in. Die teks (bewoording daarvan) is in die eerste plek belangrik, omdat Stephanus talle lesings van die eerste en tweede uitgawes, wat hy uit veral die Poliglot gekry het, met lesings uit Erasmus se teks, veral die 5de uitgawe daarvan, vervang het. Hierdie teks verteenwoordig dus selfs 'n verdere terugkeer na die teks van Erasmus. Die *Regia* is egter ook belangrik, omdat dit die eerste teks van die Griekse Nuwe Testament is waarin 'n *kritiese apparaat* voorkom. Dit was met ander woorde die eerste uitgawe van die Nuwe Testament waarin in die kantlyn aangetoon is dat ander lesings in manuskripte gevind word. Hierdie notas sluit die lesings van ongeveer vyftien manuskripte, onder andere dit wat vandag as *Kodeks D* bekend is, in. Die feit dat die lesings van sulke vroeë manuskripte tot die kantlyne beperk is en nie hul weg tot in die teks gevind het nie, maak die toestand van die tekskritiese metode in hierdie tydperk duidelik. Daar was steeds geen wyse waarop manuskripte met mekaar vergelyk kon word en op grond waarvan bepaal kon word of een manuskrip ouer as 'n ander is of 'n meer betroubare teks as 'n ander het nie. Daarom vertoon ook Stephanus se teks dieselfde karakteristieke eienskappe as Erasmus se teks en is dit steeds van dieselfde karakter as die laat-Middeleeuse minuskelteks. Hierdie teks het uiteindelik die aanvaarde teks (*textus receptus*) in Engeland geword. Dit was dus in

Engeland as die standaarduitgawe van die Griekse Nuwe Testament gebruik.

Die vierde uitgawe van 1551 is ewe-eens merkwaardig, omdat dit vir die eerste keer die hoofstuk- en versindelings bevat het wat vandag algemeen in alle Bybels voorkom. Stephanus het hierdie werk onderneem terwyl hy op reis was van Parys na Lyons.

Literatuur: Jordaan 1975; Scrivener 1894.

(b) Beza

Hoewel Stephanus se teks in Engeland die aanvaarde standaardteks geword het, het daar in Europa steeds nuwe tekste verskyn en was dit eers in die volgende eeu dat ook Europa 'n standaardteks gekry het. Die bekende hervormer en opvolger van Calvyn in Geneve, *Theodore de Beza*, was die volgende belangrike figuur. In 1565 publiseer hy die eerste van vier uitgawes van die Griekse Nuwe Testament, waarvan die herdrukke in totaal tien beloop. Die heruitgawes verskyn in 1582, 1588-9 en 1598. Die laaste herdruk verskyn in 1611, meer as vyf jaar na sy dood. Aan Beza se teks is niks vreemd nie en hy gebruik Stephanus se vierde uitgawe as die basis. Slegs in enkele gevalle verander hy lesings van hierdie uitgawe. Dit het hy gedoen nêteenstaande die feit dat *Kodeks D* tot sy beskikking was (en selfs na hom vernoem is). Hy het dit egter nie gebruik nie, omdat die teks daarvan in 'n te groot mate van die gangbare en aanvaarde teks (die minuskelteks) afgewyk het. Ook Beza noteer egter variante lesings wat hy in manuskripte teëgekrom het, in die kantlyn van sy teks.

Beza se teks is dus ook maar 'n voortsetting van die tradisie wat Erasmus gevestig het en indirek is ook Beza se teks eintlik weinig meer as 'n heruitgawe van Erasmus se teks. Ook hierdie teks sluit dus nou by die teks van die dag, die Middeleeuse minuskelteks aan en vertoon dus ook trekke en eienskappe van die laat-Bisantynse teks. Wat Beza se teks egter belangrik maak, is die feit dat sy teks bygedra het tot die popularisering van die Bisantynse teks as gedrukte teks van die Nuwe Testament, hoofsaaklik vanweë sy invloed as bekende reformator. Dit is waarskynlik een van die belangrikste redes waarom die Nederlandse *Statevertalers* Beza se teks as grondteks gebruik het.

Literatuur: Fox 1954; Jordaan 1975; Scrivener 1894.

(c) Die Elseviërs


Hoewel Beza se teks dus reeds kenmerke van 'n algemeen aanvaarde teks vertoon het, het ook hierdie teks nog nie amptelik as *textus receptus* gefunksioneer nie. Dit

sou die teks van die twee Nederlandse broers (of was hulle neefs?), *Bonaventure* en *Abraham Elsevier*, te beurt val. Hulle publiseer in 1624 'n klein sakuitgawe van die Griekse Nuwe Testament, waarin hulle in hoofsaak Beza se eerste uitgawe van 1565 herdruk. 'n Tweede uitgawe volg in 1633, en ter wille van die bemerking van die teks stel hulle dit in die voorwoord dat hierdie teks 'n getroue weergawe van die oorspronklike is wat deur almal aanvaar word en waarin geen foute voorkom nie. Die Latynse bewoording van hierdie tipering van hulle teks het uiteindelik die bron van die bekende aanduiding van die aanvaarde teks as die *Textus Receptus* geword: '*Textum ergo habes, nunc ab omnibus receptum; in quo nihil immutatum aut corruptum damus*'. Hierdie woorde was op geen wyse anders bedoel as wat Erasmus en die samestellers van die Komplutensiese Poliglot bedoel het toe hulle gesê het dat hulle tekste op die oudste en beste manuskripte gebaseer is nie. Dit het egter op die gebruiker van die teks so 'n impak gehad dat hierdie teks spoedig ook in Europa as standaardteks aanvaar is en feitlik met kanoniese gesag beklee is.

Literatuur: De Jonge 1971; Delobel 1980; Jordaan 1975.

(d) Die *Textus Receptus*

So het dit uiteindelik gebeur dat die Griekse Nuwe Testament 'n *Textus Receptus* gekry het, 'n teks wat as standaardteks aanvaar is en waarvan tekskritici vir eeue lank nie durf af te gewyk het nie. Hoewel, formeel gesien, twee verskillende tekste onderskeidelik in Engeland (dié van Stephanus) en Europa (dié van die Elseviers) die status van *Textus Receptus* ontvang het, was dit inhoudelik eintlik dieselfde teks, omdat die tekste genealogies aan mekaar verwant was en die een in der waarheid maar 'n heruitgawe van die ander was. Skematies gesien kan die geskiedenis van die ontwikkeling van eerste tot aanvaarde teks soos volg voorgestel word:



Die tekste wat hierbo bespreek is, was in geen mate die enigste uitgawes van die teks van die Griekse Nuwe Testament wat in hierdie tydperk verskyn het nie. Daar het nog talle ander verskyn. Hierdie is egter die belangrikste tekste, omdat hulle die skakels in die ontstaan van die *Textus Receptus* vorm. Soos uit die bespreking hieronder duidelik sal word, is die *Textus Receptus* belangrik, nie alleen vanweë die feit dat dit as grondteks van die vroeë vertalings van die Nuwe Testament, veral die *Lutherse vertaling* (1522), *Authorized Version of King James Bible* (1611), die *Tyndale vertaling* (1525), die *Coverdale vertaling* (1535), die *Geneefse Bybel* (1560), die *Statevertaling*, en selfs eeue later die ou *Afrikaanse vertaling* (1933) gedien het nie, maar omdat dit die geskiedenis van die teks en tekskritiese wetenskap in so 'n mate gedomineer het dat die invloed van die Bisantynse teks tot laat in die 19de eeu nog in die gedrukte tekste voortgeduur het, ondanks die feit dat dit reeds vroeg in die 18de eeu as 'n swak en onbetroubare teks geïdentifiseer is. Dit kon gebeur juis omdat die aanvaarde teks so 'n karakter gehad het en omdat hierdie teks met soveel gesag beklee is dat mense wat daarvan durf afgewyk het deur 'n ander teks te publiseer, vir 'n lang tyd soms selfs met die dood gedreig is.

Hoe moet die *Textus Receptus* beoordeel word en wat is die waarde daarvan? Uit 'n moderne oogpunt beskou, is dit duidelik dat die *Textus Receptus* nie veel waarde het nie en beslis nie 'n betroubare weergawe van die oorspronklike teks van die Griekse Nuwe Testament is nie, omdat dit metodologies swak saamgestel was en uitsluitlik op die manuskripte van die laat-Bisantynse minuskeltteks gebaseer is. Slegs in die teks van Erasmus en die Komplutensiese Poliglot, die eerste skakels in die ketting van die *Textus Receptus*, is met manuskripte gewerk. Al die ander tekste was hoofsaaklik op gedrukte uitgawes van die teks gebaseer, wat beteken het dat die gedrukte teks, en nie die manuskripte nie, as die belangrikste bronne beskou is. Verder het dit ook neergekom op 'n sanksionering van Erasmus se teks, ondanks die haas waarmee dit saamgestel is en die metodologiese probleme met Erasmus se hantering van die manuskripte. Uiteindelik is daar so min verskil tussen Erasmus se teks en die *Textus Receptus*, dat met reg beweerd word dat Erasmus se teks self in werklikheid die aanvaarde teks geword het. Die teks het 'n duidelike laat-Bisantynse karakter, ondanks die feit dat vroeëre manuskripte met meer betroubare tekste beskikbaar was.

Aan die ander kant moet dit egter ook in gedagte gehou word dat die metodologiese kennis om tussen manuskripte onderskeid te maak, destyds nie beskikbaar was nie, en dat dit natuurlik is dat die eerste gepubliseerde tekste sover moontlik met die aard van die teks van die dag sou ooreenstem, eerder as om radikaal daarvan af te wyk, wat waarskynlik 'n totale verwerping van die teks sou meebring.

Literatuur: BFBS 1957; Elliott 1974; Fox 1954; Hodges 1968; Jordaan 1975; JP Lewis 1971; THC Parker 1962; Petzer 1984a; Scrivener 1894; Streeter 1937.

4. DIE DOMINERING VAN DIE AANVAARDE TEKS (1633-1775)

Hoewel tekskritici spoedig na die algemene aanvaarding van die Erasmus/Stephanus/Elsevier-teks begin besef het dat dit 'n onbetroubare weergawe van die Nuwe Testament was, is aan die *Textus Receptus* soveel populêre en kerklike gesag toegeken dat niemand gewaag het om 'n alternatiewe teks te publiseer nie. Hierdie dominerende van die *Textus Receptus* het egter nie 'n demper op die ontdekking, bestudering en beskikbaarstelling van manuskripte geplaas nie, met die gevolg dat die metodologie van die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek belangrike ontwikkelinge deurgemaak het, wat uiteindelik vir die verwerping van die *Textus Receptus* verantwoordelik was. Hoewel die metodologiese ontwikkelinge egter nie in 'n teks neerslag kon vind nie, is ander wyses bedink om tog die resultate daarvan beskikbaar te stel. Hierdie tydperk kan daarom getipeer word as die tydperk van dominerende deur die *Textus Receptus*, maar ook die tydperk van veral die ontdekking van manuskripte en latente metodologiese ontwikkeling.

Literatuur: Bristol 1950.

(a) Walton en Fell

Kort na die publikasie van die Elseviers se teks verskyn die teks van *Brian Walton* in 1657. Dit was 'n poliglot waarvan die 5de volume onder andere die Griekse teks van die Nuwe Testament bevat het. Die teks self was die 3de uitgawe van Erasmus se teks. Wat die teks egter belangrik maak, is dat dit van 'n kritiese apparaat voorsien is waarin die lesings van vyftien manuskripte ingesluit is. Onder hulle was die bekende *Kodeks A*. Kort na die verskyning van Walton se Poliglot publiseer *John Fell* in 1675 'n uitgawe van die Nuwe Testament, waarin hy die 2de uitgawe van die Elseviers druk. Ook hierdie teks is vir sy kritiese apparaat belangrik, omdat variante lesings van ongeveer 'n honderd manuskripte daarin voorkom. In hierdie twee uitgawes is dus begin om die aandag van tekssamestellers en teksgebruikers te vestig op die feit dat die probleme rondom die teks en sy samestelling nie so eenvoudig is as wat dit uit die *Textus Receptus* mag voorkom nie, en dat manuskripte wat soms radikaal van die *Textus Receptus* afwyk, sedert die publikasie van die *Textus Receptus* aan die lig gekom het.

Literatuur: Fox 1954.

(b) Mill

Dit was egter eers in die 18de eeu, met die verskyning van die teks van *John Mill* in 1707, slegs enkele dae voor sy dood, dat die omvang van die probleem werklik ingesien is. Hierdie teks was die gevolg van dekades se arbeid en hoewel die teks self ook maar 'n heruitgawe van Stephanus se derde uitgawe was, is hierdie teks voorsien van die eerste uitgebreide en omvangryke kritiese apparaat. Dit het ongeveer dertigduisend variante lesings ingesluit, wat versamel is uit manuskripte, vertalings en patristiese sitate. Hierdie revolusionêre teks, wat al as die beroemdste teks van die 18de eeu bestempel is, het 'n nuwe fase in die geskiedenis van die publikasie van die teks van die Nuwe Testament ingelui. Vir die eerste keer in bykans twee eeue is die aandag van die gebruikers van die teks van die Nuwe Testament werklik op die probleem van teksvariasie en die omvang daarvan gefokus. Dit is reeds uit die reaksie van *Daniel Whitby*, 'n tydgenoot van Mill, duidelik. Hy beskuldig Mill daarvan dat sy teks die gesag van die Nuwe Testament in gedrang bring, 'n verwyf wat in die toekoms dikwels voor die deur van wetenskaplikesinde tekskritici, wat nie met die *Textus Receptus* kon saamgaan nie, gelê sou word.

Literatuur: Bristol 1950; Fox 1954; Kilpatrick 1955; Zuntz 1953.

(c) Wells, Mace en Bentley

In die dekade of wat na Mill se teks vind ontwikkelinge plaas wat uiters belangrik vir die toekomstige ontwikkeling van hierdie wetenskap was, en in die eerste halfeeu van die 18de eeu word die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek in sy moderne vorm gebore. Die proses begin in Engeland met die teks van *Eduard Wells*, wat in 'n aantal volumes tussen 1709 en 1729 verskyn. Hierdie teks was, sover vasgestel kan word, die eerste wat op 'n aantal plekke van die *Textus Receptus* ten gunste van lesings in die manuskripte afgewyk het. Kort daarna, in 1729, verskyn die teks van *Daniel Mace*, waarin ook soms van die *Textus Receptus* ten gunste van lesings in die manuskripte afgewyk word. Interessant in Mace se teks is die notas waarin hy die afwykings motiveer, wat onder die eerste aanduidinge van die ontwikkeling van 'n metodiek in die evaluering van variante lesings is. Beide Mace en Wells se werk het egter spoedig onder die stof verdwyn, waarskynlik omdat dit of fel gekritiseer is deur mense soos *Leonard Twells*, 'n hewige opponer van die krities-wetenskaplike beweging, of heeltemal geïgnoreer is. Kort voor die publikasie van Mace se teks verskyn daar in 1720 in Engeland 'n pamflet, opgestel deur *Richard Bentley*, waarin hy aankondig dat hy van plan is om 'n krities-wetenskaplike uitgawe van die Griekse

Nuwe Testament te publiseer en waarin hy die beginsels waarvolgens hy sou werk, uiteensit. Hierdie beplanning verteenwoordig die eerste sistematiese uiteensetting van die metodiek van die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek. Dit is ook duidelik uit die inhoud van die pamflet dat Bentley inderdaad 'n kritiese teks, wat radikaal van die *Textus Receptus* sou verskil, sou publiseer. Ongelukkig is Bentley in 1742 dood sonder dat die werk voltooi is. Dit is jammer, want hierdie teks kon moontlik die nodige verandering in die rigting van hierdie wetenskap teweeggebring het, 'n verandering wat toe uiteindelik eers teen die einde van die 19de eeu voorgekom het.

Literatuur: Fox 1954; McLachlin 1938/39; Zuntz 1953.

(d) Bengel

Nieteenstaande Bentley se belangrike bydrae tot die metodiek was dit in Duitsland waar die vroeë ontwikkeling van die metode die beste gevorder het. Dit begin in die werk van *Johann Albrecht Bengel* wat, aangespoor deur die teks van Mill met sy duisende variante lesings, begin het om die lesings en die manuskripte waarin hulle voorkom sistematies te bestudeer. Die resultate word in sy teks, wat in 1734 verskyn, gepubliseer. Hoewel hy in sy teks steeds bly by die *Textus Receptus*, wat hy soms aan die hand van ander gepubliseerde uitgawes korrigeer, ontwerp hy 'n sisteem in sy kritiese apparaat waarvolgens hy die lesings in die manuskripte, vertalings en sitate ten opsigte van hulle verhouding met die gedrukte teks evalueer: Lesings wat met 'n α gemerk word, beskou hy as die lesings van die oorspronklike teks; lesings wat met 'n β gemerk word, beskou hy as beter lesings as dié in die teks, ofskoon nie noodwendig die oorspronklike nie; lesings wat met 'n γ gemerk word, is lesings wat van dié in die teks verskil, maar wat nie juis minder aanspraak op die oorspronklike teks as dié in die teks het nie; lesings met 'n δ gemerk is swakker as dié in die teks; en lesings met 'n ϵ gemerk, is lesings wat geen aanspraak op oorspronklikheid het nie. Hierdie klassifikasiesisteem van Bengel is ongeëwenaard. Die sisteem wat die naaste daaraan kom, is dié in die *UBS*-reeks. Hoewel Bengel dus steeds nie van die *Textus Receptus* afwyk nie, is hy die eerste wat dit waag om die lesings wat hy as meer oorspronklik as dié in die *Textus Receptus* ag, eksplisiet te identifiseer.

Belangriker as Bengel se teks is egter sy uiteensetting van die metodiek, wat hy in 1725 in 'n voorloper tot sy teks publiseer. Hierin is die fondament van die moderne tekskritiese metode gelê. Sy ondersoeke na die manuskripte lei hom daartoe om die manuskripte na aanleiding van hulle kenmerkende eienskappe in *tekstipes* in te deel. Daardeur ontwerp hy die beginsel waarvolgens die geskiedenis van die teks gerekonstrueer moet word (waarvan die moderne weergawe in hoofstuk

4 hierbo gegee is). Hy identifiseer twee tekstipes onder die manuskripte: 'n *Asië*-groep, wat die jonger manuskripte insluit en rondom Konstantinopel ontstaan het, en 'n *Afrika*-groep, wat die ouer manuskripte insluit. Nie alleen was die beginsel van die rekonstruksie van die geskiedenis van die teks hierin opgesluit nie, maar ook die basiese materie daarvan is hierin vervat, naamlik die onderskeid tussen die jonger (later genoem Bisantynse) en ouer (later genoem Alexandrynse, Westerse of Caesareaanse) tekste.

Buiten hierdie elementêre rekonstruksie van die teksgeskiedenis sit Bengel verder ook 'n aantal beginsels uiteen waarvolgens tekskritiese probleme opgelos moet word (waarvolgens hy dus bepaal het in watter van sy vyf kategorieë die lesing val). Hierin word een van die mees basiese beginsels, wat vandag steeds gebruik word, aangetref, naamlik *proclivi scriptioni praestat ardua of difficilior lectio potior*. Die moeilike lesing het voorkeur bo die maklike lesing. Ander kriteria wat hy gebruik, sluit in: die keuse van die lesing in die oudste manuskripte en die keuse van die lesing waarvan die dokumente waarin dit voorkom geografies die wydste versprei is. Soms moet ook aan die getal getuienisse waarin 'n lesing voorkom, aandag gegee word.

Literatuur: Bengel 1763; 1887; Bristol 1950; Mälzer 1970; Zuntz 1953.

(e) Wettstein

Met hierdie werk het Bengel ongetwyfeld die basiese uitgangspunte en verwysings-raamwerk vir goeie tekskritiese metodologie daargestel. Soos Mill kan Bengel se bydrae tot die ontwikkeling van hierdie wetenskap moeilik oorskat word. Hy is inderdaad ook feitlik onmiddellik deur ander gevolg. Die eerste om in Bengel se spore te volg, was *Johann Jakob Wettstein*, oorspronklik van Basel, maar sedert 1730 van Amsterdam. Wettstein publiseer in 1751-52 sy weergawe van die Griekse Nuwe Testament. Soos Bengel publiseer hy die *Textus Receptus* en bring hy in die kantlyn dié lesings aan wat hy beter ag as die lesings van die *Textus Receptus*. Hoewel hy ook 'n aantal kriteria daarstel aan die hand waarvan hy variante lesings beoordeel, blyk dit uit sy teks dat hy die kriteria nie getrou toegepas het nie en dikwels daarvan afgewyk het. Sy teks is voorsien van 'n goeie kritiese apparaat, waarin die gewoonte om unsiaalmanuskripte met hoofletters en minuskelmanuskripte met syfers aan te dui, die eerste keer voorkom.

Literatuur: Bristol 1950; Wettstein 1730; 1751-52.

(f) Semler

Vir die ontwikkeling van die metodiek van die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek is die werk van *Johann Salomo Semler* van groot belang. Hoewel Semler nie 'n teks gepubliseer het nie, het hy die werk van Bengel voortgesit deur Bengel se bestudering en klassifisering van manuskripte te verfyn. Hy identifiseer naamlik drie groepe: 'n *Alexandrynse groep*, wat veral in die Koptiese en Siriese vertalings en die aanhalings deur Origenes voorkom, 'n *Oosterse groep*, wat in Antiochië en Konstantinopel bekend was, en 'n *Westerse groep*, wat veral in die Latynse kerkvaders en vertalings voorkom. Met die uitsondering van die byvoeging van die *Caesareaanse teks* in die 20ste eeu, het Semler hiermee die basiese elemente van die teksgeskiedenis geïdentifiseer. Semler het egter verder as dit gegaan en hierdie groepe as *resensies* - dus gefabriseerde tekste - getipeer, wat die eerste waarnemings ten opsigte van die ontstaan van die groepe was. Hy maak verder die fyn waarneming dat die jonger manuskripte 'n vermenging van al die resensies is. Hiermee maak Semler 'n waarneming wat vandag nog ten opsigte van die Bisantynse teks aanvaar word en wat in beginsel die grond geword het vir die uiteindelijke verwerping van die *Textus Receptus* 'n eeu later, naamlik dat die teks van die *Textus Receptus* nie 'n getroue weergawe van die oorspronklike teks kan wees nie, omdat dit 'n 4de-eeuse eklektiese teks is.

Literatuur: Semler 1767.


(g) Bowyer

'n Laaste teks in die derde kwart van die 18de eeu verskyn in Engeland. *William Bowyer* publiseer tussen 1715 en 1763 'n hele aantal uitgawes van die Griekse Nuwe Testament. Die laaste uitgawe (1763) is belangrik omdat hy daarin op 'n aantal plekke van die *Textus Receptus* afwyk ten gunste van lesings in die manuskripte wat hy beter as die lesings van die *Textus Receptus* ag. Onder hierdie lesings is 'n aantal *konjektuur*, dit wil sê, lesings wat nie in manuskripte voorkom nie, maar wat hy self as korreksies voorstel. Op sommige plekke maak hy ook van hakies in die Griekse teks gebruik om aan te toon dat sekere lesings nie die ondersteuning van die oudste manuskripte geniet het nie.

Literatuur: Metzger 1963e.

(h) Samevatting

Die grootste kenmerk van die anderhalf of twee eeue na die aanvaarding van die teks van Erasmus, Stephanus en die Elseviërs as *Textus Receptus*, is die dominerende van die *Textus Receptus*. Niemand kon daarin slaag om 'n teks te publiseer wat drasties van die *Textus Receptus* verskil het nie, en afwykings van die *Textus Receptus* was hoofsaaklik tot notas in die kantlyne van tekste beperk. Tog het daar in hierdie tydperk belangrike metodologiese ontwikkelinge plaasgevind waarin die stryd teen die oorheersing van die *Textus Receptus* in hoofsaak vervat is, en waarin die weg voorberei is vir die uiteindelijke deurbraak. Die belangrikste gebeure in hierdie tydperk kan soos volg skematies voorgestel word:



5. VAN AANVAARDE TOT KRITIESE TEKS (1775-1881)

5.1 Die stryd teen die aanvaarde teks

In die laaste kwart van die 18de eeu verander die aard van die stryd teen die oorheersing van die *Textus Receptus*, deurdat daar in hierdie tydperk begin is om alternatiewe tekste te publiseer.

(a) Harwood en Griesbach

Alhoewel die Brit *Edward Harwood* waarskynlik die eerste was om 'n radikaal ander teks te publiseer - sy teks, wat in 1776 verskyn het, was hoofsaaklik op *Kodeks D* gebaseer -, was dit weer in Duitsland waar die eerste invloedryke verandering plaasgevind het. *Johann Jakob Griesbach* publiseer in 1775-1777 sy uitgawe van die Griekse Nuwe Testament. Griesbach sluit in sy metode direk by Semler aan en verfyn so Bengel se aanvanklike indeling van manuskripte nog verder. Soos Semler identifiseer hy 'n *Afrika-groep*, 'n *Westerse groep* en 'n *Konstantinopel-groep*. Hy voer verder aan dat die *Konstantinopel-groep*, wat hoofsaaklik uit die jonger manuskripte bestaan, die gevolg is van 'n redaksionele proses en dat dit uit die twee ouer groepe ontstaan het. Hierin het hy 'n uiters belangrike historiese waarneming gemaak, op grond waarvan uiteindelik met oortuiging bewys sou word dat die *Textus Receptus* nie 'n getroue weergawe van die oorspronklike teks kan wees nie. In aansluiting by sy waarnemings ten opsigte van die teksgeskiedenis maak hy ook 'n bydrae tot die ontwikkeling van die metode waarvolgens variante lesings geëvalueer word, deurdat hy 'n lang lys kriteria daarstel wat op lesings toegepas moet word ten einde te bepaal watter lesing in elke variasie-eenheid waarskynlik die oorspronklike is. In hierdie lys verskyn nie alleen geformuleerde kriteria nie, maar word die kriteria ook individueel bespreek en poog Griesbach om die kriteria te verfyn deur aan te toon wanneer en onder watter omstandighede 'n bepaalde criterium bruikbaar is en wanneer nie. So het Griesbach een van die belangrikste figure in die 18de eeu in die proses van die ontwikkeling van die metodiek geword. Sy teoretiese navorsing vind ook in die praktyk neerslag. Hy word naamlik die eerste persoon om 'n teks te publiseer wat *beduidend* van die *Textus Receptus* afwyk en wat as 'n (gematigde) alternatief vir die *Textus Receptus* beskou kan word. Deur hierdie teks, en die metodologiese ontwikkelinge van Griesbach, is die weg voorberei vir die uiteindelike totale omverwerping van die *Textus Receptus* 'n eeu later.

Literatuur: Bristol 1950; Griesbach 1796-1806; Kilpatrick 1978b; Laurence 1814; Orchard & Longstaff (eds) 1978; Zuntz 1953.

(b) Matthaei, Alter, Hug en Scholz

Ná Griesbach publiseer eers *Christian Friedrich Matthaei* in 1782-1788 'n weergawe van die Griekse en Latynse Nuwe Testament in 12 volumes, en daarna *Franz Karl Alter* in 1786-1787. Beide hierdie tekste is egter belangriker vir hulle kritiese appaarte, waarin heelwat inligting wat tot op daardie stadium onbekend was, ingesluit word. Alter se teks was byvoorbeeld die eerste weergawe van die Nuwe


Testament wat inligting uit Slawiese manuskripte bevat het. Van groter metodologiese belang is egter die werk van twee Rooms-Katolieke tekskritici, *Johann Leonhard Hug* en *Johannes Martin Augustinus Scholz*. Hug het veral in die geskiedenis van die Westerse teks belang gestel en probeer om 'n gedetailleerde rekonstruksie van die geskiedenis van dié teks daar te stel. Scholz het ewe-eens in die geskiedenis van die teks belang gestel. Sy navorsing lei hom egter daartoe om terug te keer na Bengel, deurdat hy, soos Bengel, twee groepe identifiseer, naamlik 'n Alexandrynse groep en 'n Konstantinopel-groep. Eersgenoemde het die ouer manuskripte bevat en laasgenoemde die jonger manuskripte. Anders as Bengel kies hy egter die laaste groep, dit wil sê die jonger (Bisantynse) manuskripte, as 'n meer betroubare weergawe van die oorspronklike teks en baseer uiteindelik sy teks, wat in twee volumes in 1830-1836 verskyn het, daarop. Vanselfsprekend was hierdie teks nader aan die *Textus Receptus* as die teks van Griesbach. Scholz se werk verteenwoordig dus iets van 'n regressie. Uiteindelik het hy en Matthaëi saam verdedigers van die *Textus Receptus* geword.

Literatuur: Hug 1808.

(c) Lachmann

Tot die ontwikkeling van 'n teksteorie het weinig tekskritici voor Westcott en Hort meer bygedra as die Duitse klassikus *Karl Lachmann*. Lachmann se enorme bydrae lê op twee vlakke, naamlik in sy teorie van die genealogie van manuskripte en in die feit dat hy die eerste was om 'n totale alternatiewe teks te publiseer. Die belangrikste is egter ongetwyfeld die eerste, sy teorie van die genealogie van manuskripte.

Op grond van die metodes en beginsels van die tekskritiek van klassieke dokumente formuleer Lachmann die teorie dat die manuskripte van die Nuwe Testament aan mekaar verwant is soos die lede van 'n groot familie, omdat elke manuskrip van 'n ander ('n archetype) gekopieer is. Elke bekende manuskrip was dus die 'pa' van 'n aantal ander en terselfdertyd die 'seun' of 'dogter' van 'n ander. Soos die lede van 'n familie, waar vader, moeder, broers en susters nader aan mekaar staan as ooms, tantes, niggies en nefies, wat op hul beurt weer nader aan mekaar staan as grootooms, groottantes, kleiniggies en kleinnefies, is daar sekere manuskripte wat na aanleiding van die kopieerproses ook nader aan mekaar staan as ander. Die proses kan skematies soos volg voorgestel word:



Op grond van hierdie teorie het Lachmann 'n metode geformuleer vir die herstel van die teks wat totaal van die metodes voor hom verskil het. In sy metode het hy wegbeweeg van die formulering van kriteria wat op elke lesing toegepas moet word ten einde te bepaal watter aanspraak dit het om die oorspronklike te wees. Dit het hy gedoen deur op die manuskripte te konsentreer. Aan die hand van sy genealogiese model het hy inderdaad probeer om die oudste en beste manuskrip as grondslag van sy teks te identifiseer. Dit het ingehou dat die manuskripte van die Griekse Nuwe Testament met mekaar vergelyk moes word om te bepaal hoe hulle van mekaar afhanklik is. Deur alle manuskripte met mekaar te vergelyk, moet die werklike genealogie van die Nuwe-Testamentiese manuskripte opgestel word. Uiteindelik word gevorder tot bo aan die genealogie, waarvolgens dan die beste manuskrip geïdentifiseer sal word. Hierdie manuskrip word dan as basis van die teks gebruik deurdat slegs enkele noodsaaklike veranderinge daaraan gemaak word.

Hoewel dit spoedig duidelik geword het dat dit onmoontlik is om dit op die wyse waarop Lachmann dit geformuleer het, te gebruik - onder andere omdat daar eenvoudig te veel manuskripte van die Griekse Nuwe Testament beskikbaar is - is die basiese aspekte van die metode behou, en het die beginsels van sowel Lachmann se teorie van genealogie as sy metode die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek sedert die middel van die 19de eeu gedomineer.

Die belangrikste implikasie van sy genealogiese model is die beginsel dat *MANUSKRIPTE GEWEEG EN NIE GETEL MOET WORD NIE*. Hierdie beginsel is vandag steeds een van die grondbeginsels in die bestudering en beoordeling van manuskripte. Hiermee word bedoel dat die getal manuskripte wat 'n bepaalde lesing

ondersteun in geen opsig 'n aanduiding van die outentisiteit van die betrokke lesing kan wees nie. Daar moet eerder na die waarde van die manuskrip, dit wil sê, sy posisie binne die genealogie van manuskripte, of anders gestel, sy posisie binne die geskiedenis van die teks, gekyk word. Hierdie beginsel kan goed aan die hand van die diagram hierbo geïllustreer word: In die geval van groep D is die oorlewingsproses om die een of ander rede op 'n baie vroeë stadium beëindig, sodat hierdie groep uit slegs drie manuskripte bestaan. Groep C, daarenteen, se proses van oorlewering het vir jare voortgeduur. Gevolglik bestaan hierdie groep uit twintig manuskripte. Al twintig hierdie manuskripte is egter van dieselfde archetipe gekopieer en hul waarde kan gevolglik nie groter wees as die waarde van die archetipe nie. Sou dit blyk dat D 'n meer betroubare manuskrip as C is, volg dit noodwendig dat die klein groepie (D se groep) van groter waarde is as die groot groep (C se groep), nieteenstaande die feit dat dit op die oog af mag lyk of die getalle-oorwig van C se groep meer indrukwekkende getuienis vir 'n bepaalde lesing bied.

Hierdie beginsel het die waarde-toekenning van Bengel, Griesbach en andere aan die kleiner groepie manuskripte, wat tot voor Lachmann bloot op grond van die fenomeen gedoen is, op 'n vaste teoretiese basis geplaas. Dit het ook uiteindelik die belangrikste enkele beginsel geword op grond waarvan die *Textus Receptus* vyftig jaar later as 'n swak en onbetroubare teks bewys is. Op grond hiervan is sy dominasie uiteindelik formeel beëindig is.

Hierdie teorie vind neerslag in Lachmann se teks, wat in 1831 verskyn. Hierdie teks, wat aangebied is as verteenwoordigend van die teks wat algemeen in die 4de eeu in gebruik was, was die eerste om 'n alternatief vir die *Textus Receptus* te vorm. Hoewel Griesbach se teks beduidend van die *Textus Receptus* verskil het, het dit tog die gees en atmosfeer van die *Textus Receptus* geadem. Lachmann was die eerste om heeltemal met die *Textus Receptus* weg te doen en 'n alternatief te bied. Hierdie teks was dus die eerste werklike *kritiese* teks van die Griekse Nuwe Testament, dit wil sê, die eerste teks wat konsekwent aan die hand van *kritis-wetenskaplike* beginsels saamgestel is.

Lachmann se bydrae tot die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek is byna onskatbaar: Nie alleen het hy die werk van sy voorgangers op 'n vaste teoretiese grondslag geplaas nie, maar veral het hy 'n besliste rigting aan die ontwikkeling van die metodiek van hierdie wetenskap gegee, deurdat hy (a) 'n gesonde teoretiese onderbou vir toekomstige ontwikkelinge daargestel het; (b) die raamwerk van 'n gesonder metodiek in sy metode daargestel het; en (c) die wêreld met sy teks begin voorberei het op 'n totale breuk met die *Textus Receptus*. Die bewyse vir hierdie stelling kan daarin gesien word dat (a) die beginsel dat manuskripte gewee en nie

getel moet word nie tot vandag toe as die belangrikste enkele beginsel in die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek beskou word; (b) die aandag sedert Lachmann feitlik uitsluitlik aan die historiese aspekte van die metodiek gewy is; (c) die Lachmanniaanse metode vir ongeveer 'n eeu ná Lachmann gedomineer het en vandag steeds sterk figureer; en (d) die feit dat die heerskappy van die *Textus Receptus* 'n halfeeu na Lachmann finaal beëindig is.

Literatuur: KW Clark 1950; Colwell 1948; 1964; 1969f; Delitzsch 1871; JK Elliott 1968b; 1974; AA Hill 1970; Junack 1978; Lachmann 1830; Pickering 1980; Thiele 1967; Zuntz 1953.

(d) Tischendorf

Die ontwikkeling wat Lachmann in hierdie wetenskap gebring het, het onmiddellike gevolge gehad. Dit is onder andere duidelik in die werk van *Lobegott Friedrich Constantin von Tischendorf*, wat in 1841 die eerste van nege uitgawes van die Griekse Nuwe Testament publiseer. Verreweg die belangrikste uitgawe is die bekende 8ste uitgawe, die sogenaamde *Editio Maior Critica*, wat in twee dele in 1869-1872 verskyn. In navolging van Lachmann word dit as 'n teks, verteenwoordigend van die teks wat algemeen in die 4de eeu gebruik is, aangebied. Die teks is in hoofsaak op *Kodeks X* gebaseer, wat enkele jare tevore deur Tischendorf ontdek is. Wat die teks nog belangriker maak, is die feit dat Tischendorf, wat veral vir sy ontdekking en beskikbaarstelling van manuskripte bekend is, die mees uitgebreide apparaat tot op daardie stadium by sy teks insluit. Hy het naamlik probeer om die lesings van alle bekende bronne by die apparaat in te sluit. As sodanig is die teks vandag nog bruikbaar omdat met die uitsondering van Von Soden se teks, hierdie uitgawe steeds die mees uitgebreide en akkurate kritiese apparaat van die Nuwe Testament in geheel tot op datum bevat.

Literatuur: KW Clark 1950; JK Elliott 1974; FC Grant 1950; Tischendorf 1894; 1869-72; Thiele 1967.

(e) Tregelles en Alford

Naas die werk van Tischendorf is die werk van twee Britte, *Samuel Prideaux Tregelles* en *Henry Alford*, belangrik. Tregelles se weergawe van die Nuwe Testament verskyn in 1857-1872 in ses dele in London. Dit is merkwaardig dat hierdie teks onafhanklik van Lachmann se teks, maar volgens min of meer dieselfde beginsels as Lachmann se teks, saamgestel is. Hierdie teks was dus die eerste kritiese teks in Engeland en het baie daartoe bygedra om 'n kritiese atmosfeer in Engeland te skep,

waar die *Textus Receptus* uiteindelik finaal verwerp sou word. Alford, wat self nooit 'n teks gepubliseer het nie, het soos Tregelles bygedra om die krities-wetenskaplike benadering te bevorder deurdat hy veral Lachmann se tekskritiese beginsels propageer het. Dit het praktiese neerslag gevind in sy kommentaarreeks op die Nuwe Testament, waarin hy nie alleen die teorie van die kritiese benadering bespreek het nie, maar nie geskroom het om lesings wat van die *Textus Receptus* verskil het, in die teks waarop hy kommentaar gelewer het, te publiseer nie.

Literatuur. Alford 1898-1903; Tregelles 1856; Tregelles (ed) 1879.

(f) Samevatting

Om saam te vat: Die 18de en 19de eeu kan getipeer word as die tydperk in die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek waarin die metodiek ontwikkel het van 'n betreklik primitiewe en naïewe wyse van tekssamestelling vroeg in die 18de eeu tot 'n fyn wetenskap met teoretiese grondslae, historiese rekonstruksies en metodiese keuses laat in die 19de eeu. Dit is 'n tydperk waarin die krities-wetenskaplike benadering en teks stelselmatig sy beslag gekry het. Die hoofmomente van hierdie ontwikkeling kan soos volg saamgevat word: *Mill* vestig die aandag op die omvang van die variasie in die manuskripte deur die publikasie van 'n teks met 'n ekstensiewe apparaat. *Bengel* begin die proses van tekssamestelling krities benader deurdat hy die manuskripte begin bestudeer en kriteria formuleer aan die hand waarvan tussen variante lesings gekies moet word. *Semler* en *Griesbach* verfyn *Bengel* se werk sowel ten opsigte van die indeling van manuskripte as die formulering van kriteria. *Lachmann* bied die teoretiese onderbou vir die indeling van manuskripte in groepe deur sy teorie van die genealogie van manuskripte en sy publikasie van 'n teks wat heeltemal van die *Textus Receptus* verskil. *Tischendorf* in Duitsland en *Tregelles* en *Alford* in Engeland populariseer die kritiese benadering en teks al hoe meer deur die rigting wat *Lachmann* ingeslaan het, te volg.

Dit is duidelik dat daar talle belangrike ontwikkelinge in hierdie ongeveer anderhalf eeu plaasgevind het. Tog kon nog nie daarin geslaag word om die gesag van die *Textus Receptus* te verbreek nie. Die rede is waarskynlik dat die ontwikkelinge wat plaasgevind het, in hoofsaak geïsoleerd plaasgevind het. Wat ontbreek het, was 'n gemotiveerde integrering en sistematisering van dit wat beskikbaar was. So was *Lachmann* se genealogiese beginsel nog nie na behore in die rekonstruksie van die geskiedenis van die teks benut nie. Verder was dit wat vandag as interne en eksterne getuïenis bekend staan, nog nie van mekaar onderskei nie en was dit oor die algemeen nog ongenuanseerd gebruik. Al die elemente van 'n

krities-wetenskaplike benadering en metode was egter beskikbaar. Wat ontbreek het, was 'n integrering en sistematisering daarvan.

5.2 Die kritiese teks

5.2.1 Westcott en Hort

Die finale deurbraak het uiteindelik in 1881 gekom, 'n jaar wat met reg beskou kan word as die groot keerpunt in die geskiedenis van die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek in die algemeen en die geskiedenis van die gedrukte teks van die Griekse Nuwe Testament in die besonder. In hierdie jaar verskyn daar in Engeland 'n weergawe van die Griekse Nuwe Testament, wat deur twee Britse tekskritici, *Brooke Foss Westcott* en *Fenton John Anthony Hort*, na bykans dertig jaar se gesamentlike arbeid saamgestel is. Die teks is onder die uitdagende titel *The New Testament in the Original Greek* gepubliseer en uit die titel alleen is dit duidelik wat met die teks beoog word. Dit is 'n logiese konsekwensie van die tekste van Lachmann, Tischendorf, Tregelles en Alford se kommentaarteks, met dié verskil dat dit nie maar 'n beskeie weergawe van die 4de-eeuse teks is nie, maar dat dit bedoel is om die *Textus Receptus* as verteenwoordiger van die oorspronklike teks te vervang. Saam met die teks verskyn ook 'n *Inleiding*, geskryf deur Hort en nagesien deur Westcott, waarin die onderliggende beginsels en metodes van die teks in detail uiteengesit word. Beide die teks en die inleiding is van besondere belang. Waar die teks bedoel was om die *Textus Receptus* as standaardteks te vervang (en dit inderdaad vervang het), was dit veral die inleiding wat die wêreld finaal oortuig het dat die *Textus Receptus* in geen opsig as 'n betroubare weergawe van die oorspronklike teks geag kan word nie. Dit kon gebeur omdat hierdie inleiding die eerste werklike sistematiese, gedetailleerde en gemotiveerde uiteensetting van sowel die metode as die rekonstruksie van die geskiedenis van die teks bevat het. Dit is veral laasgenoemde wat die *Textus Receptus* se gesag finaal ondermyn het en wat die krities-wetenskaplike teks in staat gestel het om die *Textus Receptus* as standaardteks te vervang.

Die inleiding kan in twee dele verdeel word. In die eerste sewentig bladsye word 'n beskrywing van die metode aangetref, terwyl die res van die boek uit 'n detailbeskrywing van die geskiedenis van die teks bestaan.

Literatuur: JK Elliott 1968b; Fuller (ed) 1973; A Martin 1972; Pickering 1980; Westcott & Hort 1974.

(a) Die uitgangspunt

Die basiese uitgangspunt waarop Westcott en Hort se hele metodiek berus, kom daarop neer dat die Nuwe Testament op dieselfde wyse as ander tekste oorgelewer is. Dit veronderstel dat die teks van die Nuwe Testament aan dieselfde mate en wyse van tekskorrupsie as ander tekste blootgestel was. Gevolglik behoort ook die metodes waarvolgens die teks van die Nuwe Testament gerekonstrueer word, nie van die metodes vir die rekonstruksie van die teks van ander dokumente te verskil nie. Hierdie uitgangspunt skep vir Hort die ruimte om, in navolging van Lachmann, ontwikkelinge in die metodiek van die tekskritiek van ander dokumente ook in die metodiek van die tekskritiek van die Nuwe Testament te gebruik.

Literatuur: Hills 1956; A Martin 1972; Pickering 1980; Thiele 1967; Van Bruggen 1976.

(b) Die metode

Westcott en Hort se metode bestaan uit vier aspekte: interne getuienis van lesings, interne getuienis van dokumente, genealogiese getuienis, en interne getuienis van groepe.

Interne getuienis van lesings beskou Hort as die heel basiese vorm van tekskritiek. Dit bestaan daaruit dat elke geval van variasie individueel benader word en dat telkens een lesing uit die variante lesings in die betrokke variasie-eenheid op grond van bepaalde interne kriteria as die oorspronklike gekies sal word. Die kriteria wat in hierdie deel van die metode gebruik moet word, is almal interne kriteria en het te make met sake soos die styl van die skrywer en die beoordeling van lesings se aanspraak op verteenwoordiging van die oorspronklike teks op grond van die moontlike oorsake van foute en veranderinge. Dit laat dokumentêre aspekte geheel buite rekening. Vanweë die arbitrêre aard van interne getuienis lewer dit egter nie betroubare resultate vir die rekonstruksie van die teks nie. Gevolglik is interne getuienis van lesings nie geskik as 'n selfstandige metode vir die beoefening van tekskritiek nie. Daarom moet die bestudering van die dokumente as die basis van die metode gebruik word. Die interne getuienis van lesings het egter dié nut dat dit belangrike getuienis vir die bestudering van die dokumente lewer. As sodanig bied hierdie aspek dus sekondêre getuienis in die tekskritiese metode.

Omdat Westcott en Hort van mening was dat interne getuienis van lesings nie finale antwoorde vir tekskritiese probleme kan bied nie, beklemtoon hulle die primaat van dokumentêre getuienis deur 'n sterk gekursiveerde uitspraak: *KNOWLEDGE OF DOCUMENTS SHOULD PRECEDE FINAL JUDGEMENT*

UPON READINGS. Die ander drie aspekte van die metodiek is 'n toepassing van hierdie beginsel. Met hierdie uitspraak het Westcott en Hort sisteem in die elemente van die tekskritiese metode van hul voorgangers gebring en die weg wat Lachmann ingeslaan het, formeel bevestig. Hierdeur het hulle die interne (inhoudelike) en eksterne (dokumentêre) aspekte van die metode eksplisiet en per definisie van mekaar onderskei en interne getuienis as 'n selfstandige metode om die teks te herstel, verwerp. Die fokusverandering wat Lachmann gebring het, is dus in Westcott en Hort se werk voltooi, met die gevolg dat van Westcott en Hort af, interne getuienis met die uitsondering van die werk van enkele tekskritici, geen verdere aandag ontvang het nie.

Die evaluering van die *interne getuienis van dokumente* is die eerste belangrike aspek van die 'knowledge of documents'. Die onmiddellike doel daarvan is die bepaling van die karakter van die dokumente, soos dit na vore tree in die bestudering van die geheel of 'n groot gedeelte van die manuskripte. Die uiteindelige doel hiervan is om deur middel van die bestudering van elke manuskrip individueel op grond van die karakteristieke eienskappe van elke manuskrip te bepaal watter manuskrip die oorspronklike teks bevat - dus om 'n 'beste manuskrip' te identifiseer. 'n Aantal faktore, waaronder die gebrek aan homogeniteit en die groot getal beskikbare manuskripte, bring egter mee dat die 'beste manuskrip' nie op hierdie wyse geïdentifiseer kan word nie. Daarom is dit noodsaaklik dat in aansluiting by die bestudering van die individuele manuskripte, die manuskripte ook binne hulle onderlinge verhoudings bestudeer moet word. Soos die geval met interne getuienis van lesings, is die interne getuienis van dokumente dus ook nie geskik as 'n selfstandige metode vir die rekonstruksie van die teks nie. Ook hierdie aspek het egter sekondêre waarde, wat daarin bestaan dat dit gebruik kan word om die onderlinge verwantskap van manuskripte te bepaal.

Die bestudering van die onderlinge verwantskap van dokumente lei tot die derde aspek van Hort se metode, naamlik die bestudering van *genealogiese getuienis* - 'n aspek wat dikwels deur Westcott en Hort se kritici verkeerd verstaan is en hulle gevolglik ongegronde kritiek op die hals gehaal het. Ter inleiding van die bespreking van genealogiese getuienis formuleer hulle 'n belangrike beginsel wat by die oorheersende hierbo aansluit. Dit hou in dat die herstel van enige klassieke teks op die noukeurige bestudering van die oorleeringsgeskiedenis van die betrokke teks gebaseer moet word. Om die geskiedenis van die teks te rekonstrueer, moet genealogiese getuienis gebruik word. Die suiwer genealogiese metode bestaan vir hulle daarin dat alle manuskripte met mekaar vergelyk moet word ten einde telkens die gemeenskaplike archetipe van 'n groepie manuskripte te identifiseer. Hierdie geïdentifiseerde archetipe word dan weer met ander manuskripte en archetipes

vergelyk om 'n nog vroeër archetype te identifiseer. Op hierdie wyse word deur die geskiedenis teruggewerk deurdat manuskripte wat duidelik van 'n archetype gekopieer is, uitgeskakel word, totdat die getrouste verteenwoordigers van die oorspronklike teks uiteindelik bereik word. Die konsekwente toepassing van die genealogiese metode hou dus in dat daar stap vir stap, deur die vergelyking van verskillende manuskripte met mekaar, deur die geskiedenis terugbeweeg word na die oorspronklike teks. So moet die 'beste manuskrip' aan die hand van die genealogie van die manuskripte van die Nuwe Testament geïdentifiseer word - presies soos Lachmann die metode bedoel het.

Westcott en Hort stel egter eksplisiet dat hierdie metode nie in hierdie vorm vir die rekonstruksie van die Nuwe-Testamentiese teks bruikbaar is nie. Daarom gebruik hulle hierdie metode ook nooit in hierdie vorm nie en het ook hierdie metode dus nie primêre waarde vir die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek nie. Tog is genealogiese getuienis nie heeltemal waardeloos nie en gebruik hulle dit met vrag vir die identifikasie van groepe en die bepaling van die verwantskap tussen die groepe. So kom hulle uiteindelik by die finale aspek van die metode, die *interne getuienis van groepe* uit. Hierdie aspek vorm uiteindelik die kern van die identifisering van die 'beste manuskrip'.

Hierdie aspek kom daarop neer dat die geskiedenis van die oorlewering van die teks gerekonstrueer word deurdat die manuskripte aan die hand van hul onderlinge verbondenheid aan mekaar in groepe ingedeel word. Hierdie groepe word aan die hand van hul tipiese historiese en inhoudelike kenmerke ten opsigte van hulle verbondenheid aan mekaar binne 'n bepaalde genealogiese raamwerk gerangskik. So word die teksgeskiedenis gerekonstrueer en op grond daarvan word die 'beste manuskrip' geïdentifiseer.

Dit is nie moeilik om te sien dat die vier aspekte van die metodiek in 'n logiese orde, waar die een op die ander volg, geplaas is nie. Interne getuienis van lesings se resultate word gebruik by die oorweging van interne getuienis van dokumente. Interne getuienis van dokumente se resultate word gebruik vir die oorweging van genealogiese getuienis. Beide laasgenoemde soorte getuienis word gebruik vir interne getuienis van groepe, wat die kern van die rekonstruksie van die geskiedenis van die teks en die keuse van die 'beste manuskrip' vorm.

Literatuur: Fee 1976; Hodges 1968; A Martin 1972; Martini 1978; Pickering 1980; Thiele 1967; Westcott & Hort 1974; kyk ook literatuur by Lachmann (5.1(c)) hierbo.

(c) Die tekshistoriese model

Na die bespreking van die metodiek volg die bespreking en motivering van die rekonstruksie van die geskiedenis van die teks en die gevolglike identifikasie van die 'beste manuskrip'. Dit bestaan uit die volgende aspekte: In die loop van die geskiedenis van die oorlewering van die Nuwe Testament het drie lokale tekstipes ontstaan, naamlik die Alexandrynse, die Westerse en die Siriese (wat vandag as die Bisantynse bekend staan). Van hierdie drie het die Siriese die minste waarde vir die rekonstruksie van die teks, omdat dit eers maar in ongeveer die 4de eeu na redaksionele arbeid deur waarskynlik Lucianus van Antiochië uit die Alexandrynse en Westerse tekstipes ontstaan het. Onder die oorblywende tekstipes toon hulle aan dat die Alexandrynse tekstipe van groter waarde as die Westerse tekstipe is, ofskoon albei uit die 2de eeu dateer, omdat dit aan veel minder tekskorrupsie onderworpe was as laasgenoemde en gevolglik 'n meer betroubare teks het. Onder die manuskripte van die Alexandrynse teks is *Kodekse X* en B die suiwerste en mees betroubare, so suiwer dat hulle op enkele uitsonderings na nie aan noemenswaardige tekskorrupsie onderworpe was nie. So suiwer word hierdie manuskripte gereken dat Westcott en Hort hulle as *neutrale manuskripte* tipeer, dit wil sê, hulle behoort in werklikheid aan geen tekstipe nie, omdat hulle neutraal staan van tekskorrupsie. As sodanig is hierdie manuskripte dus die 'beste manuskrip' en behoort hulle as die uitgangspunt vir die samestelling van die teks gebruik te word. Slegs in die gevalle van Westerse non-interpolasie het die Westerse teks beter lesings as *Kodekse X* en B en moet die lesings van die genoemde manuskripte dus met dié van die Westerse teks vervang word.

Enkele aspekte van hierdie model behoef verdere verduideliking. Die kern van die model lê in die identifikasie van die drie tekstipes, die Alexandrynse, die Westerse en die Siriese. Vir die identifikasie van hierdie tekstipes maak Hort veral van genealogiese getuienis gebruik. Westcott en Hort erken self dat dit nie moontlik is om die oorspronklike genealogiese metode te gebruik nie, omdat hierdie metode nie op die individuele manuskripte toegepas kan word om 'n genealogie van die manuskripte op te stel nie. Gevolglik gebruik hulle genealogiese getuienis om aan te toon dat die manuskripte weens hul genealogiese verbondenheid aan mekaar in groepe (tekstamies) ingedeel kan word. Deur hierdie groepe of tekstamies dan op grond van inhoudelike en historiese aspekte genealogies aan mekaar te verbind, word aangetoon watter groep die 'beste manuskrip' bevat en watter manuskrip(te) binne hierdie groep die 'beste manuskrip' is.

Die eerste stap in die identifikasie van die 'beste manuskrip' en dus ook in die rekonstruksie van die geskiedenis van die teks, is om aan te toon dat die Siriese

teks van geen belang is vir die herstel van die oorspronklike teks nie. So word 'n groot groep manuskripte dus in die soeke na die 'beste manuskrip' uitgeskakel. Dit word gedoen deur aan te toon dat die Siriese teks later as die ander tekstipes ontstaan het en 'n eklektiese aard het. Hierdie verskynsel kan slegs verklaar word as aanvaar word dat die Siriese teks deur 'n redaktor, waarskynlik Lucianus van Antiochië, uit die lesings van die Westerse en Alexandrynse tekste saamgestel is. Drie bewyse word vir hierdie waarneming aangevoer: (a) Deur in die eerste plek die historiese feite rondom hierdie tekstipe te ontleed, toon Westcott en Hort aan dat die Siriese teks 'n relatief jong teks is, omdat hierdie tekstipe nie in getuïenisse ouer as die aanhalings van die kerkvader Chrysostomos voorkom nie. (b) Deur in die tweede plek die tipiese lesings wat eie aan die Siriese teks is, te ontleed, maak hulle verdere belangrike afleidings ten opsigte van die ontstaan van die Siriese teks. Uit die identifikasie van 'n aantal saamgevoegde lesings (konflasie) het Hort die afleiding gemaak dat hierdie teks by wyse van 'n eklektiese metode ontstaan het. Saamgevoegde lesings is lang lesings wat net in die Siriese teks voorkom, dus tipies-Siriese lesings, waarvan die een gedeelte 'n tipies-Westerse en die ander gedeelte 'n tipies-Alexandrynse lesing is. Hoewel hulle slegs agt voorbeelde van saamgevoegde lesings gee (Mk 6: 33; 8: 26; 9: 38, 49; Lk 9: 10; 11: 54; 12: 18; 24: 53), maak hulle die belangrike afleiding daaruit dat die redaktor in ander gevalle waar sy bronne verskil het, nie die twee lesings saamgevoeg het nie, maar tussen die twee lesings gekies het en dus een van die twee in sy teks gebruik het. In hierdie tweede bewys van die sekondêre aard van die Siriese teks maak Westcott en Hort van die eerste en derde aspekte van hul metode gebruik. Die identifikasie van die saamgevoegde aard van hierdie lesings berus op die interne getuïenis van lesings, terwyl die afleidings daaruit, naamlik dat dit op 'n eklektiese teks dui wat die ander twee as bronne het, op genealogiese getuïenis berus, omdat hulle aantoon dat die Siriese teks genealogies aan ander tekste verwant is. Die wyse waarop Hort die genealogiese getuïenis gebruik is egter merkwaardig, omdat hy juis een van die belangrikste struikelblokke van die gebruik van die oorspronklike genealogiese metode, naamlik die gemengde aard van die dokumente, gebruik om dit te bewys. Dit is juis die gemengde aard van die Siriese teks (dus die interne getuïenis van hierdie groep) waaruit Hort aantoon dat dit 'n eklektiese teks is. In hierdie eerste twee punte het Hort dus uit sowel chronologiese as historiese oogpunt aangetoon dat die Siriese teks 'n sekondêre aard het. (c) Deur die gebruik van die eerste stap van hul metode, die interne getuïenis van lesings, toon Westcott en Hort in die derde plek aan dat die Siriese teks ook inhoudelik 'n swak teks is, waarvan die tipiese of karakteristieke lesings die eklektiese en sekondêre aard van die teks onderstreep, omdat dit teologies, taalkundig en tekstueel 'n afgerondeheid vertoon.


Op hierdie wyse het Westcott en Hort oortuigend aangetoon dat die Siriese teks nie die 'beste manuskrip' kan bevat nie, omdat hierdie teks chronologies, histories en inhoudelik sekondêr is. Dit is uiteindelik hoofsaaklik hierdie aspek van die metodiek van Westcott en Hort wat die gesag van die *Textus Receptus* finaal ondermyn het, omdat hierdeur aangetoon is dat die *Textus Receptus*, wat 'n verteenwoordiger van die laat-Siriese teks is, op geen wyse 'n verteenwoordiger van die oorspronklike teks kan wees nie.

Nadat Westcott en Hort op hierdie wyse die Siriese teks se aanspraak op die 'beste manuskrip' uitgeskakel het, bespreek hulle die ander twee tekste, die Alexandrynse en Westerse. Albei hierdie tekstipes was veel ouer as die Siriese teks en dateer uit die 2de eeu, omdat daar verteenwoordigers van sowel die vertalings as kerkvaders van hierdie families uit hierdie eeu dateer. Omdat hulle egter geen historiese argumente kon vind om aan te toon watter een van die twee primêr en watter een sekondêr is nie, moes hulle hul andermaal tot die interne getuïenis van lesings wend. Hiervolgens kies hulle die Alexandrynse teks, aangesien die Westerse teks 'n swak teks is wat deur onder andere interpolasie en harmoniëring gekenmerk word. Nieteenstaande die interpolasie in die Westerse teks, word daar tog 'n aantal treffende weglatings in hierdie teks aangetref. Dit is gevalle waar die Alexandrynse teks 'n lang en die Westerse teks 'n kort lesing het. Slegs in hierdie gevalle, die sogenaamde gevalle van Westerse non-interpolasie, is die Westerse teks van groter waarde as die Alexandrynse teks en bevat dit gevolglik waarskynlik die oorspronklike lesing.

Onder die Alexandrynse manuskripte, wat Westcott en Hort op grond van hul rekonstruksie van die geskiedenis van die teks as die 'beste groep' identifiseer, identifiseer hulle *Kodekse X* en B as die 'beste manuskrip'. Hulle ag hierdie manuskripte so hoog dat hulle as 'neutraal' bestempel word. Dit wil sê, hierdie manuskripte is met die uitsondering van enkele tipiese Alexandrynse lesings, 'neutraal' ten opsigte van tekstokorrupsie. Veral waar *X* en B se getuïenis ooreenstem, beskou hulle die betrokke lesing as feitlik sinoniem met die lesing van die oorspronklike teks. In die tipering van *X* en B en in die keuse van hierdie twee manuskripte as die 'beste manuskrip' maak Westcott en Hort in besonder van die tweede aspek van hul metode, naamlik die interne getuïenis van dokumente, gebruik. Die oorweging van die interne getuïenis van die lesings in hierdie manuskripte het egter aangetoon dat selfs *X* en B, hoewel hulle 'neutraal' is, nie volledig betroubaar is nie en in een geval, naamlik die gevalle van Westerse non-interpolasies, het Westcott en Hort die lesings van hierdie manuskripte nie as verteenwoordigend van die oorspronklike teks geag nie. In hierdie gevalle was die Alexandrynse invloed in *X* en B sodanig sigbaar dat hul lesings nie 'neutraal' was

nie en gevolglik ten gunste van die Westerse lesings verwerp moet word.

Westcott en Hort se rekonstruksie van die geskiedenis van die teks kan soos volg voorgestel word:



(kyk Metzger 1968b: 134)

Dit is duidelik dat Westcott en Hort se rekonstruksie van die geskiedenis van die teks en gevolglik ook hul identifikasie van die 'beste manuskrip' die praktiese vergestaltung van hul metode is, omdat hulle die verskillende aspekte van die metode suksesvol gesistematiseer en geïntegreer in die rekonstruksie gebruik. Dit is presies hierdie eienskap van Westcott en Hort se metodiek wat die metodiek so oortuigend maak en wat uiteindelik vir die val van die *Textus Receptus* verantwoordelik was.

Literatuur: B Aland 1976; 1986a; K Aland 1965/66b; 1970/71; Aland & Aland 1982; Burgon 1883;

1896a; 1896b; AC Clark 1918; Epp 1974; 1976a; 1980; Fee 1971a; 1971b; RM Grant 1950; Hoskier 1914; King 1964; Metzger 1971; Martini 1978; Pickering 1980; Sturz 1984; Suggs 1957/58; Westcott & Hort 1974; Zuntz 1953.

(d) Die teks

Wanneer Westcott en Hort se teks ontleed word, is dit duidelik dat hulle die proses wat in die paragraaf hierbo beskryf is, baie getrou navolg. Hulle gebruik feitlik altyd die lesings ten opsigte waarvan X en B ooreenstem. Die uitsondering is die Westerse non-interpolasies, wat hulle bo die lesings van hulle 'beste manuskrip' verkies. Voorbeelde is Mt 27: 49; Lk 22: 19-20; 24: 3, 6, 36, 51 en 52. As sodanig is hulle teks dus 'n bykans volmaakte voorbeeld van 'n goeie toepassing van die klassieke metode. Volgens die definisie van die klassieke metode bestaan dit uit twee prosesse: *recensio*, die kern van die metode, waarvolgens die beste manuskrip op grond van hoofsaaklik historiese getuienis gekies word, en *emendatio*, waarvolgens die beste manuskrip ondersoek word ten einde te bepaal of dit nie nog veranderings nodig het nie. In Westcott en Hort se geval loop die *recensio*-gedeelte uit op die identifikasie van X en B as 'beste manuskrip' terwyl die *emendatio*-gedeelte uitloop op, byvoorbeeld, die vervanging van langer lesings in die twee manuskripte met Westerse non-interpolasies.

Literatuur: Fee 1974b.

5.2.2 Die eerste kritiese vertaling

Sedert sy jeug was dit Hort se uitgesproke wens om die *Textus Receptus* se gesag te verbreek en saam met Westcott het hy uiteindelik die grootste gedeelte van sy lewe daaraan gewy. Hoewel hulle op hulle eie gewerk het, was die jarelange arbeid van Westcott en Hort nou verweef met die projek om die Engelse vertaling van die Bybel in Engeland te hersien. Beide Westcott en Hort het naamlik in die komitee gedien wat onder die voorsitterskap van Biskop Ellicott gevorm is om die ou *Authorised Version of King James Bible* van 1611 te hersien. Wat aanvanklik as 'n matige hersiening bedoel was, het uiteindelik op 'n nuwe vertaling uitgeloop, wat nie net kleiner aspekte soos taal en styl nie, maar veral ook die grondteks geraak het. Die resultaat, die *Revised Version*, wat in dieselfde tyd as Westcott en Hort se teks verskyn het, het gevolglik in 'n groot mate met die teks van Westcott en Hort ooreengestem en vanselfsprekend 'n radikale breuk met die teks van die Nuwe Testament in ou *King James Bible* en die *Textus Receptus* verteenwoordig. Op

hierdie wyse het die *Revised Version* die eerste vertaling van die Bybel geword wat op 'n kritiese weergawe van die Griekse Nuwe Testament gebaseer was. Hierdie praktyk sou daarna deur alle nuwe vertalings, met die uitsondering van die ou Afrikaanse vertaling en enkele moderne vertalings in Latyns-Amerika, gevolg word. Hierdie verbinding van die teks van Westcott en Hort aan 'n nuwe vertaling het baie bygedra tot die popularisering van die krities-wetenskaplike Griekse teks. Dit het egter ook bygedra tot fel en hewige kritiek van ondersteuners van die *Textus Receptus* - kritiek wat nie altyd die papier waarop dit geskryf was, werd is nie. Hoe dit ook al sy, met die publikasie van hierdie teks, het Hort sy langgekoesterde ideaal verwesenlik, en daarmee saam die tekskritiese wetenskap bevry van 'n onrealistiese gevangenskap waarin dit vir meer as vier eeue lank gekluister was.

Literatuur: Burgon 1883; Mauro 1973.

5.2.3 Reaksie op Westcott en Hort

(a) Salmon en Bédier

Soos te wagte, was nie almal met die nuwe kritiese teks en metodiek van Westcott en Hort gediend nie en reaksie het uit verskeie oorde op die teks en metode gevolg. Onder die meer gematigde kritici was *George Salmon* en die Fransman *Josef Bédier*. Terwyl Salmon dit veral gehad het oor Westcott en Hort se verwerping van die Westerse teks, was Bédier se kritiek meer metodologies van aard en het dit veral oor die genealogiese metode gehandel. Bédier self het verkies om die beste manuskrip nie op grond van historiese rekonstruksies te kies nie, maar op grond van interne aspekte, soos taal, styl, ortografie en die interne samehang en koherensie binne 'n manuskrip. Na die keuse van die beste manuskrip het hy die foute in hierdie manuskrip aan die hand van ander manuskripte gekorrigeer. Hy het dus verkies om 'n meer *eklektiese* werkwyse te volg, en was gevolglik die voorloper van die vroeë eklektiese beweging.

(b) Burgon

Veel ernstiger reaksie op Westcott en Hort het egter van die Brit *John William Burgon* gekom. In drie boeke, waarvan twee na sy dood deur *Edward Millar* afgerond en gepubliseer is, val Burgon Westcott en Hort se teks en metode op bykans elke denkbare vlak aan. Veral die eerste van die drie boeke, wat in 1883 onder die titel *The Revision Revised* verskyn het, is belangrik. Hierdie boek is 'n versameling van

drie artikels deur Burgon waarin hy poog om die 'gehare' van die *Revised Version* te ontbloot. Hoewel hierdie boek oor meer as bloot die grondteks handel en ook sake soos die vertaaltegniek en -metode van die vertaling aanraak, bestaan 'n groot deel van die boek uit 'n aanval op Westcott en Hort se teks, hul metode en hul teologiese integriteit. Veral drie punte van kritiek verdien vermelding:

In die eerste plek spreek Burgon skerp kritiek uit teen die feit dat die teks van Westcott en Hort hoofsaaklik op *Kodekse X* en B gebaseer is. In teenstelling met Westcott en Hort se beskouing van hierdie twee manuskripte, ag Burgon hulle as die mees onbetroubare manuskripte wat bekend is. Hy het 'n hele boek daaraan gewy om hierdie stelling te probeer staaf. In die tweede plek kritiseer Burgon Westcott en Hort se gebruik van die genealogiese metode, deur te beweer dat dit onmoontlik is om 'n genealogie van manuskripte daar te stel. In die derde plek wys hy sy lesers ook baie duidelik daarop dat Westcott en Hort in der waarheid 'skrifkritici' is, wat in hulle algemene teologie die gesag van die Skrif misken. Daarom is ook hulle tekskritiese werk van geen waarde nie, aangesien die nuwe teks en vertaling die Bybel verdraai en vervals.

Burgon se kritiek het egter nie veel tot gevolg gehad nie. Dit het nóg enige impak op die breë publiek (waarop dit in 'n groot mate gerig was) gehad, nóg op die wetenskaplike wêreld. Daarvan is die gewildheid en onmiddellike aanvaarding van Westcott en Hort se teks en metode deur die tekskritiese wêreld, en die onmiddellike aanvaarding van die *Revised Version* deur die publiek, 'n duidelike bewys. Uiteindelik het Burgon, sy argumente en sy denkrigting 'n laaste woestynstern geword teen die krities-wetenskaplike teks en metode, 'n stem wat slegs deur enkeles in die 20ste eeu gevolg is.

Literatuur: Burgon 1883; 1896a; 1896b; 1975a; 1975b; Hills 1972; Pickering 1973.

5.3 Samevatting


Om saam te vat: Dit is duidelik dat Westcott en Hort se werk die hoogtepunt van 'n era gevorm het. Die era van stryd teen die oorheersing van die *Textus Receptus*, wat in die teks van Mill vroeg in die 17de eeu begin is, het uiteindelik sy hoogtepunt en logiese afloop in die teks en werk van Westcott en Hort gehad. Dit het gebeur omdat hulle die nodige sistematiese en integrasie aan verskillende loshangende metodologiese ontwikkelinge verskaf het. So het hulle eksterne en interne getuënis, wat implisiet en ongenueanseerd in die werk van alle krities-gesinde tekskritici sedert Bengel teenwoordig was, van mekaar onderskei, behoorlik gedefinieer en die waarde van elk duidelik aangetoon. Hulle het die bestaande indeling en

waardebepaling van manuskripte deeglik gemotiveer en gestandaardiseer. Hulle het die indeling van manuskripte deur Bengel en andere, die genealogiese beginsel van Lachmann en die suggesties van 'n teksgeskiedenis deur Griesbach en ander, op 'n briljante wyse geïntegreer en uiteindelik 'n gedetailleerde en gemotiveerde rekonstruksie van die geskiedenis van die teks daargestel. Binne hierdie historiese model het hulle die oudste manuskripte oortuigend as die beste en mees betroubare aangetoon en uiteindelik 'n teks daargestel wat, as gevolg van die vaste historiese basis waarop dit berus het, moeilik verwerp kon word. Daarmee het hulle die *Textus Receptus* op oortuigende wyse verwerp en met 'n krities-wetenskaplike teks vervang. Ten slotte het hulle die metodologiese pad wat Lachmann ingeslaan het voltooi, deurdat hulle oortuigend aangetoon het dat die oplossing van die tekskritiese probleme in die Griekse Nuwe Testament, nie in interne getuienis nie, maar in historiese of eksterne getuienis gesoek moet word.

In dieselfde asem was Westcott en Hort se werk egter ook die begin van 'n nuwe era. Vir baie jare sou hulle rekonstruksie van die teksgeskiedenis, die sogenaamde Hortiaanse model, die middelpunt van navorsing in die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek bly. Hulle teks sou tekste wat ná hulle gepubliseer is, domineer in byna dieselfde mate as wat die teks van Erasmus die tekste ná hom gedomineer het. Verreweg die meerderheid tekste wat in die 20ste eeu gepubliseer is, sou hoofsaaklik gebaseer word op manuskripte van die Alexandrynse tekstipe wat nou met X en B ooreenstem. Hulle uitgangspunt, metode en historiese model is selfs vandag in 'n groot mate steeds die vertrekpunt van die huidige mees populêre metode in hierdie wetenskap. Die waarde van Westcott en Hort vir die metodologiese ontwikkeling van hierdie wetenskap blyk egter uit weinig dinge so duidelik as uit die feit dat feitlik alle werke wat in die 20ste eeu oor metodiek verskyn het (veral van teenstanders van Westcott en Hort en die rigting wat hulle ingeslaan het) 'n lang bespreking oor hul metodiek bevat.

Al hierdie dinge is 'n bewys dat dit nie oordrewe is om te beweer dat Westcott en Hort dié sentrale figure in die metodologiese geskiedenis van die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek is nie.

Hierdie tydperk kan skematies soos volg voorgestel word:



6. DIE VESTIGING VAN DIE KRITIESE TEKS (1881-1930)

In die eerste ongeveer 50 jaar na Westcott en Hort se teks kan 'n verandering in die aard van die geskiedenis van die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek bespeur word. Terwyl die klem tot voor Westcott en Hort op die teks geplaas is, en op die neerslag van resultate van metodologiese ontwikkeling op die een of ander wyse in 'n teks, is sedert Westcott en Hort meer aandag aan suiwer navorsing gegee. Dit is asof Westcott en Hort se teks vir 'n tyd lank voldoende was, terwyl aspekte van hulle metodiek eerder die aandag getrek het. Dit wil egter nie sê dat daar nie tekste gepubliseer is nie, allermins, die klem is egter net anders gelê. Veral vier rigtings van ontwikkeling kan geïdentifiseer word, naamlik die uitbouing van die klassieke metode van Westcott en Hort, die ontwikkeling van 'n meer eklektiese benadering, die laaste pleidoorie vir die herstel van die *Textus Receptus* en die saamstel van volledige kritiese apparate.

Literatuur: Kenyon 1933a; Schäfer 1960.

6.1 Die klassieke metode

Die klassieke metode en historiese model van Westcott en Hort het die verbeelding van die tekskritiese wêreld in so 'n mate aangegryp dat elemente en aspekte

daarvan die toneel vir die volgende ongeveer vyftig jaar oorheers het. Veral aspekte van die geskiedenis van die teks het die verbeelding aangegryp. Sake soos die bestudering van die teksfamilies, die klassifikasie van manuskripte en die onderlinge verhouding van die teksfamilies tot mekaar het besondere aandag ontvang. Hoewel die grootste deel van die navorsing daarop gerig was om aspekte van Westcott en Hort se model te verfyn, was daar ook tekskritici wat met alternatiewe rekonstruksies van die teksgeskiedenis vorendag gekom het. Uit 'n metodologiese oogpunt het al die navorsing egter binne die raamwerk van die klassieke metode plaasgevind. Die *recensio-emendatio*-raamwerk is dus behou, niesteenstaande verskille ten opsigte van die detail van historiese modelle. Gevolglik is die tekste wat saamgestel is, feitlik almal binne die Westcott en Hort-tradisie saamgestel.

(a) Nestle

Die eerste belangrike teks na die teks van Westcott en Hort verskyn in 1898 in Duitsland. *Eberhard Nestle* publiseer in hierdie jaar die eerste uitgawe van 'n teks wat hy saamgestel het op grond van 'n vergelyking van die belangrikste kritiese uitgawes tot op daardie stadium. Hy het naamlik die tekste van Tischendorf, Westcott en Hort, en Weiss vergelyk en telkens die meerderheidslesing in sy teks gepubliseer. Die teks het sedert sy vroeë ontstaan talle uitgawes beleef en na Nestle se dood in 1913 is die werk deur sy seun *Erwin Nestle* voortgesit. Sedert die 24ste uitgawe van die teks in 1960 tree *Kurt Aland*, die voormalige direkteur van die *Institut für neutestamentliche Textforschung* in Münster, Wes-Duitsland, as samesteller op en sedertdien staan die teks as die *Nestle-Aland*-teks bekend. Die laaste uitgawe van die teks tot op datum, die 26ste, het in 1979 verskyn en is onder voorsitterskap van Aland deur 'n paneel van vyf deskundiges saamgestel. Uit die aard van die saak het die teks deur die jare verskillende veranderinge ondergaan. Waar dit aanvanklik 'n teks was waarin die meerderheidslesing van verskillende gepubliseerde tekste voorgekom het - dus 'n blote weergawe van die stand van die wetenskap op daardie stadium - het dit later 'n kritiese uitgawe in eie reg gevorm. Vandag word die 26ste uitgawe aanvaar as die voorste saku uitgawe van die Griekse Nuwe Testament. Dit word deur sommige as 'n nuwe standaarduitgawe beskou. Nestle is naas sy teks ook bekend vir 'n besonder gedetailleerde inleiding in die Tekskritiek, wat aanvanklik in 1897 verskyn het en verskillende uitgawes beleef het.

Literatuur: Aland, Black, Martini, Metzger & Wikgren (eds) 1979; Nestle 1909; Nestle (ed) 1898; Nestle & Aland (eds) 1960; 1963.

(b) Gregory, Von Dobschütz, Von Harnack, Dibelius en Lietzman

Hoewel hulle geen teks die lig laat sien het nie, verdien die name van twee Duitse geleerdes, *Casper Rene Gregory* en *Ernst von Dobschütz*, vermelding. Saam met 'n aantal ander Duitse tydgenote, waaronder *Adolf von Harnack*, *Martin Dibelius* en *Hans Lietzman*, het Gregory en Von Dobschütz aan verskillende aspekte van die metodologie aandag gegee. Wat veral Gregory, en in 'n mindere mate Von Dobschütz egter van besondere belang vir die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek maak, is die feit dat hulle die verwysing- of noteringsstelsel van die manuskripte van die Nuwe Testament gestandaardiseer het.

Literatuur: Gregory 1900-1909; 1907; 1908; Von Dobschütz 1924; 1926; 1928; 1933; Von Harnack 1916; 1931.

(c) Souter

In 1910 verskyn die teks van *Alexander Souter* in Engeland. Met hierdie teks het Souter nie probeer om 'n eie uitgawe van die Griekse Nuwe Testament daar te stel nie, maar bloot om die teks wat agter die *Revised Version* lê, te rekonstrueer. Hoewel die *Revised Version*, soos hierbo gesê, op 'n teks soortgelyk aan Westcott en Hort se teks, gebaseer was, was dit nie op Westcott en Hort se teks self gebaseer nie en is daar talle verskille tussen die twee tekste. Souter het gepoog om met sy uitgawe die werklike grondteks van die *Revised Version* daar te stel.

Literatuur: K Aland 1959; Kilpatrick 1949a; Schäfer 1960; Souter 1960; Souter (ed) 1910; 1947.

(d) AC Clark

In 1933 verskyn daar in Engeland 'n merkwaardige teks van Handeling van die Apostels, wat deur *Albert C Clark* saamgestel is. Dit is die resultaat van navorsing wat op teorieë wat twee dekades vroeër reeds in publikasies verskyn het, gebaseer was. Wat hierdie uitgawe merkwaardig maak, is die feit dat dit drasties van die aard van die Westcott en Hort-tekste en ander tekste soos dié van Nestle of van Souter verskil het. Sedert Westcott en Hort, eintlik al sedert Bengel, is aanvaar dat die kort lesing eerder as die lang lesing 'n meer getroue weergawe van die oorspronklike teks sou wees. Dit het gespruit uit die feit dat die ouer dokumente, wat sedert Bengel 'n meer getroue weergawe van die oorspronklike teks as die latere manuskripte geag is, normaalweg 'n korter teks gehad het as die latere dokumente. Clark het egter nie met hierdie beginsel akkoord gegaan nie en dit omgekeer. Sy

bekende teorie lui dat dit met 'n teks gaan soos met 'n reisiger wat by verskillende plekke aandoen en by verskillende herberge slaap. Telkens waar hy oornag verloor hy iets van sy bagasie, totdat hy uiteindelik veel minder oor het as waarmee hy begin het. Die uiteinde is dus dat die kort Alexandrynse teks die produk van hierdie 'bagasieverlies' is. Gevolglik beskou hy die langer Westerse teks as 'n meer betroubare weergawe van die oorspronklike teks as die korter Alexandrynse teks. Sy teks was gevolglik in direkte opposisie met dié van Westcott en Hort, deurdát dit in 'n baie groot mate met die Westerse ooreengekom het. Sy teorieë en teks is eger deur tydgenote en latere tekskritici gekritiseer, sodat sy teks vandag weinig meer as historiese waarde het.

Literatuur: AC Clark 1914; 1918; 1970.

(e) Von Soden


Een van die belangrikste tekskritici van die eerste helfte van die 20ste eeu, *Hermann Freiherr von Soden*, publiseer in 1902-1913 'n monumentale weergawe van die Griekse Nuwe Testament, vergesel van 'n inleiding, waarin hy in detail sy weergawe van die geskiedenis van die teks uiteensit. Von Soden se werk was in vele opsigte revolusionêr, en sowel sy teks en kritiese apparaat as sy historiese model het drasties van dié van Westcott en Hort verskil.

Die grondslag van sy teks is sy tekshistoriese model. Op grond van 'n gedetailleerde bestudering van die *pericope de adultera* (Jh 7: 53-8: 11) en 'n meer algemene bestudering van ander dele van die Nuwe Testament, identifiseer hy drie teksfamilies of tekstipes: 'n *H-teks*, *I-teks* en *K-teks*. Die *H-teks* (of *Hesychiusteks*) sluit die manuskripte X, B, C, L, Δ, Ψ, enkele minuskels, die Sahidiese en Bohairiese vertalings en enkele Alexandrynse kerkvaders in. Dit kom ooreen met Westcott en Hort se Alexandrynse teks, met die verskil dat Von Soden meen dat die teks sy oorsprong by 'n resensie deur *Hesychius* van Egipte het (en nie na die oorspronklike teks teruggaan, soos Westcott en Hort gemeen het nie). Die *I-teks* (of *Jerusalemteks*) sluit manuskripte soos D, Θ, 28, 565, 700 en die Latynse vertalings in. Hy herlei hierdie tekstipe se ontstaan na 'n resensie deur *Eusebius* en *Pamphilus* van Caesarea. Hierdie tekstipe is 'n besonder heterogene teks, met die gevolg dat hy 'n aantal subgroepe daarin identifiseer. Die teks kom met Westcott en Hort se Westerse teks ooreen, maar sluit elemente van dit wat vandag as die Caesareaanse teks bekend staan, in. Die *K-teks* (of *Koineteks*) sluit die groot gros manuskripte in en kom ooreen met Westcott en Hort se Siriese teks. Von Soden herlei hierdie teks, soos Westcott en Hort, na die resensie deur *Lucianus* van Antiochië. Ook in hierdie

tekstipe identifiseer hy 'n aantal subgroepe.

Tot sover is daar nie veel verskil tussen Von Soden en Westcott en Hort nie. Die verskil kom egter in by die posisie wat hy aan hierdie groepe toeken in sy tekshistoriese model. Hy meen naamlik dat die drie tekstipes al drie resensies is, dit wil sê doelbewus deur die betrokke persone geskep is met die doel om die teksoorlewering in bepaalde gebiede te standaardiseer. Agter die drie tekstipes lê dus 'n tradisie, waaruit elk van die drie tekstipes ontstaan het. Dit noem hy die *I-H-K-teks*. Hierdie I-H-K-teks is vir 'n tyd lank homogeen oorgelewer, voordat dit op 'n vroeë stadium aan tekskorrupsie deur onder andere Marcion en veral Tatianus onderworpe was. Vanweë die verwarring wat hierdie tekskorrupsie in die hand gewerk het, het die genoemde persone probeer om die teks te herstel deur resensies daar te stel. Von Soden meen dan dat daar geen manuskripte oorgebly het wat die I-H-K-teks bevat het nie, en dat alle manuskripte wat beskikbaar is, dus uit die tydperk na die gepoogde standaardisering afkomstig is. Wanneer die tekskritikus die teks wil herstel, is dit gevolglik sy taak om aan die hand van die manuskripte van die onderskeie resensies, eers die I-H-K-teks te rekonstrueer en daarna die oorspronklike teks uit die I-H-K-teks te rekonstrueer deur sake soos foute wat ooglopend aan Marcion of Tatianus toegeskryf kan word, uit die teks te weer. Dit is hieruit duidelik dat die metode wat Von Soden gebruik, nie anders is as die klassieke metode nie. Hoewel sy historiese model van Westcott en Hort s'n verskil, is sy metode dieselfde. Die *recensio*-gedeelte van die metode bestaan uit die rekonstruksie van die I-H-K-teks, terwyl die *emendatio*-gedeelte uit die herstel van Marcion en Tatianus se invloed bestaan.

Die volgende skematiese voorstelling van sy tekshistoriese model kan gemaak word:



Von Soden se teks was uiteindelik selfs meer revolusionêr as sy metodiek. Nie alleen het sy teks nader aan die *Textus Receptus* gestaan as die ander tekste van sy tyd nie - iets wat spruit uit die feit dat hy 'n gelyke posisie aan die *Koinetek*s en die ander tekste in sy model toegeken het en nie 'n ondergeskikte plek soos Westcott en Hort en hulle volgelinge nie - maar veral merkwaardig was die kritiese apparaat wat sy teks vergesel het. Hy het naamlik probeer om 'n volledige kritiese apparaat by sy teks in te sluit, waarin die lesings van alle bekende manuskripte, vertalings en sitate, weergegee word. Dit was dus bedoel om 'n soort nuwe *Tischendorf*⁸ te wees. Vir hierdie doel het hy 'n nuwe noteringsstelsel, wat drasties van dié van die standaardstelsel van Gregory verskil het, ontwerp. Dit is 'n ingewikkelde stelsel, waarin inligting soos 'n manuskrip se ouderdom en teksverwantskap, in die simbool van elke manuskrip vervat is.

Hoewel Von Soden se werk belangstelling gaande gemaak het, is dit nie deur die tekskritiese wêreld aanvaar nie en word hierdie hele grootse poging van Von Soden as 'n mislukking beskou. Van die belangrikste punte van kritiek sluit die volgende in: Sy klassifikasie van manuskripte in die verskillende teks- en subtekstipes is twyfelagtig, omdat hy manuskripte saamgroepeer wat nie werklik saamhoort nie. Hy het Tatianus se invloed op die oorlewering van die teks oorskakel. Sy I-H-K-hipotese is problematies, omdat dit 'n gelyke plek aan die *Koinetek*s toeken. Sy teks verteenwoordig om laasgenoemde rede 'n te groot terugkeer na die *Textus Receptus* en is daarom regressie eerder as progressie. Ook sy kritiese apparaat is nie sonder probleme nie: Kollasies is dikwels onakkuraat of onvolledig. Verder is ook sy noteringsstelsel te ingewikkeld om werklik bruikbaar te wees. Tog is sy werk nie sonder waarde nie, en word vandag aanvaar dat veral sy identifikasie van subtekstipes onder die *Koinetek*s (Bisantynse teks) en sy indeling van manuskripte binne hierdie subtekstipes akkuraat was en daarom besonder waardevol is. Dit word vandag steeds gebruik as die basis van navorsing oor die Middelleeuse Bisantynse teks.

Literatuur: Champlin 1966; JK Elliott 1974; Epp 1974; Gallagher 1970; Geerlings 1961a; 1961b; 1962a; 1962b; 1963; 1968a; 1968b; FC Grant 1950; Kenyon 1933a; Roysse 1979; Schäfer 1960; Thiele 1967; Von Soden 1902-13; Wisse 1982.

(d) Vogels, Merk en Bover

In 1920 verskyn die teks van *Heinrich Joseph Vogels*, 'n Duitse geleerde. Hierdie teks was die eerste van drie tekste wat in die middel van die 20ste eeu deur Rooms-Katolieke tekskritici gepubliseer is. Die ander twee is die tekste van *Augustin Merk*

in 1933 en *José Maria Bover* in 1943. Die teks van Vogels, wat ook belangrik is omdat sy inleiding in die Tekskritiek, wat in 1923 verskyn het, tot voor die laaste inleiding deur die Alands as die standaardinleiding in Duits beskou is, is nader aan die *Textus Receptus* as die ander kritiese uitgawes van die tyd. 'n Interessante aspek van die teks van Bover, is die feit dat die invloed van die Vulgata daarin sigbaar is, sodat sy teks weer nader aan die Westerse teks staan as die ander kritiese uitgawes van die tyd, hoewel dit nie naastenby so naby daaraan is as Clark se uitgawe van Handeling 19.

Literatuur: K Aland 1959; Bover 1943; Kilpatrick 1949b; Merk 1933; Schäfer 1960; Vogels 1923; 1955.

(e) Lake, Blake en Streeter

Hoewel hulle geen teks gepubliseer het nie, is die werk van twee Amerikaners, *Kirsopp Lake* en *Silva Lake*, belangrik. Soos Nestle en die meeste tekskritici voor hulle, het hulle in besonder aandag aan verskeie aspekte van Westcott en Hort se historiese model gegee in 'n poging om dit te verfyn. Wat hulle werk van besondere belang maak, is die feit dat hulle betrokke was by in die identifikasie van die *Caesareaanse* teks, wat 'n baie pertinente verfyning van die Westcott en Hort-model verteenwoordig. Die 'ontdekking' van hierdie teks het 'n lang en interessante geskiedenis: In 1868 toon *WH Ferrar* aan dat 'n bepaalde groepie minuskels direk aan mekaar verwant is. So word f¹³ geïdentifiseer. Verdere navorsing vroeg in die 20ste eeu deur die Lakes het getoon dat hierdie groep verwant is aan f¹ en die minuskels 28, 565 en 700. Later het Kirsopp Lake saam met sy kollega *RP Blake* aangetoon dat *Kodeks Θ* ook by hierdie groep hoort. Uiteindelik het *BH Streeter* laat in die twintigerjare hierdie groep met die teks wat Origenes in Caesarea gebruik het, verbind, sodat die tekstipe die naam Caesareaanse teks gekry het. Die ontdekking van die Caesareaanse teks verteenwoordig waarskynlik die grootste enkele poging om die Westcott en Hort-model te verfyn en kan daarom as die hoogtepunt van die tekskritiese navorsing in die begin van die 20ste eeu gesien word.

Literatuur: K Lake 1949; Lake Blake & New 1928.

(f) Kenyon


'n Belangrike figuur uit die Britse Tekskritiek is *Frederick G Kenyon*. Hoewel hy geen teks gepubliseer het nie, het hy veel tot die metodologiese ontwikkeling

bygedra deurdat sy inleiding in die Tekskritiek in die eerste gedeelte van die eeu as die standaardwerk in Engeland gebruik is. Hy volg die weg wat Westcott en Hort aangedui het en het ongetwyfeld baie bygedra tot die popularisering van Westcott en Hort se metodiek in Brittanje.

Literatuur: Kenyon 1912; 1933a; 1939; 1949.

(g) Streeter

'n Tydgenoot van Kenyon in Brittanje, na wie hierbo in verband met die ontdekking van die Caesareaanse teks verwys is, is die laaste belangrike figuur in die ontwikkeling van die metodiek van die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek in die vroeë gedeelte van die 20ste eeu. Hoewel *Burnett Hillman Streeter* ook geen teks gepubliseer het nie, waarskynlik as gevolg van sy vroeë dood in 'n vliegtuigongeluk, is Streeter, soos Von Soden, veral vir sy poging om Westcott en Hort se historiese model met 'n eie nuwe historiese model te vervang, bekend. In 'n sekere sin is Streeter se model selfs belangriker as Von Soden se model, omdat hy probeer om 'n totaal benadering - 'n geografiese benadering - tot die geskiedenis te volg. Vanweë die geografiese basis van sy teorie, staan sy teorie as die *teorie van lokale tekste* bekend. Hierdie teorie hou in dat daar in elke kerklike streek 'n eie (lokale) tekstipe ontstaan het, omdat die teks aanvanklik binne elke kerklike streek in 'n groot mate van isolasie oorgelewer is, met die gevolg dat eiesoortige en onafhanklike lesings in die manuskripte van elke streek ontstaan het. Hy identifiseer lokale tekste in die volgende gebiede: Alexandrië; die Ooste, waar twee lokale tekste voorgekom het, naamlik in Caesarea en Antiochië; en die Weste, waar ook twee voorgekom het, naamlik in Italië en Kartago. Later het daar 'n tendens ontwikkel om 'n akkurate en getroue teks te gebruik. In hierdie proses het die kleiner kerksentra manuskripte by die groter kerksentra in hul metropolitaanse gebiede gekry en op hierdie wyse sou die lokale tekste van die kleiner sentra met dié van die groter sentra assimileer. Uiteindelik het ook die groter kerksentra hulle tekste met mekaar vergelyk in 'n poging om 'n teks daar te stel wat algemeen aanvaar kon word. Op hierdie wyse het die Bisantynse teks tot stand gekom. Hierdie model kan soos volg skematies voorgestel word:



(kyk Metzger 1968b: 171)

Op grond van hierdie model identifiseer Streeter die 'beste manuskrip'. Omdat die grootste mate van diversiteit onder die lokale tekste vroeg in die 3de eeu voorgekom het, moet die tekskritikus in sy poging om die 'beste manuskrip' te vind, die archetype van die verskillende lokale tekste identifiseer. Om dit te kan doen, is dit egter noodsaaklik om eers die teks van elke lokale tekstipe te identifiseer of te rekonstrueer. Op grond van hierdie rekonstruksies moet die archetype waaruit die tekstipes voortgekom het, uiteindelik gerekonstrueer word.

Dit is duidelik dat daar 'n ooreenkoms tussen die Hortiaanse historiese model en dié van Streeter is. Die twee modelle stem duidelik ooreen ten opsigte van die identifikasie van die tekstipes waarmee dit werk. Hoewel Streeter met vyf tekstipes, naamlik dié van Alexandrië, Caesarea, Antiochië, Italië en Kartago werk, deel hy hierdie tekstipes in drie groter groeperinge in, naamlik 'n Oosterse, Westerse en Alexandrynse. Die Alexandrynse teks in Streeter se teorie is dieselfde

as Hort se Alexandrynse teks. Streeter se Westerse teks is dieselfde as Hort se Westerse teks, terwyl Streeter se Oosterse teks basies die nuutgeïdentifiseerde Caesareaanse teks is. Dit is gevolglik slegs in hierdie laaste opsig dat Streeter by die nuwe ontwikkelinge van sy tyd, waarby hy self betrokke was, aansluit en Hort se model verfyn. Ook Streeter se teorie in verband met die Bisantynse teks, naamlik dat dit na 'n standaardiseringsproses uit die ander tekste ontstaan het, klop in breë trekke met Hort se teorie oor die Bisantynse teks. In wese is daar dus nie veel verskil tussen Streeter en Hort nie. Streeter het Hort se rekonstruksie verfyn deur dit binne 'n geografiese konteks te plaas, dit is, deur die tekstipes geografies te definieer.

Literatuur: RP Martin 1975; Streeter 1924.

6.2 Eklektisisme

In navolging van die kritiek van Josef Bédier op Westcott en Hort, was daar 'n klein groepie tekskritici wat aan die begin van die 20ste eeu verkies het om eerder met interne getuienis te werk. Omdat hulle nie een bepaalde tekstipe gevolg het nie, maar tekste saamgestel het deur lesings van verskillende tekstipes te kies, staan hierdie benadering as 'n eklektiese benadering bekend. Dit is geensins 'n homogene benadering nie, en die verskillende eksponente daarvan het elk sy eie doel daarmee gehad.

(a) Weiss

Bernhard Weiss publiseer in 1894-1900 'n teks in drie volumes. Omdat Weiss hoofsaaklik 'n eksegeet was, het hy hom in die samestelling van sy teks hoofsaaklik deur sy eksegetiese arbeid laat lei. Uiteindelik het sy teks in 'n groot mate met dié van *Kodeks B* ooreengekom en het dit dus ook nie veel van Westcott en Hort se teks verskil nie.

Literatuur: Weiss 1894-1900; Thiele 1967.

(b) Turner

Waarskynlik die belangrikste figuur in die ontwikkeling van die eklektiese benadering vroeg in die 20ste eeu was die Brit, *CH Turner*. Hoewel hy geen teks gepubliseer het nie, het hy sy tekskritiese denke in die twintigerjare van hierdie eeu

bekend gemaak in 'n reeks artikels oor die taal en styl van Markus. Hy breek eksplisiet met die soeke na die beste manuskrip deur Westcott en Hort se bekende uitgangspunt '*knowledge of documents should precede final judgement...*' te verander na '*knowledge of author's usage should precede final judgement...*'. Hoewel hy geen teks saamgestel het nie, is die resultate van sy metode in die genoemde reeks artikels sigbaar, waarin dit duidelik is dat hy hoofsaaklik met stilistiese en filologiese aspekte (dus Hort se interne getuienis van lesings) werk.

Literatuur: CH Turner 1924; 1925a; 1925b; 1925c; 1925d; 1926; 1927a; 1927b; 1927c; 1928a; 1928b.

6.3 Die *Textus Receptus*

(a) Scrivener

Naas Burgon het vroeg in die 20ste eeu ook nog *FHA Scrivener* en *HC Hoskier* Burgon se gedagterigting gevolg en die *Textus Receptus* teen die nuwe kritiese benadering probeer verdedig. Terwyl Hoskier se kritiek baie skerp en emosioneel was, was Scrivener se kritiek heelwat meer getemper en tersaaklik. Scrivener was terloops ook een van die aanvanklike hersieners in die hersieningskommissie wat vir die *Revised Version* verantwoordelik was, maar het na 'n ruk bedank omdat hy nie kon saamgaan met die gees en rigting wat ingeslaan is nie.

Literatuur: Scrivener 1894.

(b) Hoskier

Hoskier se kritiek teen Westcott en Hort het verskyn in sy monumentale ontleding van die verskille tussen *Kodekse X* en B wat in 1914 in twee dele gepubliseer is. In 'n poging om die twee manuskripte se tekstuele integriteit te bevraagteken, toon hy aan dat daar meer as drieduisend verskille tussen hierdie twee manuskripte is en lei daaruit af dat hulle geen betroubare weergawe van die oorspronklike teks kan wees nie. Soos Scrivener aanvaar hy, in navolging van Burgon, die *Textus Receptus* as 'n getroue weergawe van die oorspronklike teks.

Naas hierdie werk is Hoskier veral bekend vir sy teks van Openbaring wat in 1929 verskyn het. Omdat hy 'n groot voorstander van die *Textus Receptus* was, druk hy die teks van die *Textus Receptus* in sy Openbaringsteks af. Die belang van die teks lê egter in die kritiese apparaat. Soos Tischendorf en Von Soden, wat beide gepoog het om volledige kritiese apparate vir hulle tekste te voorsien, probeer Hoskier om

'n volledige kritiese apparaat by hierdie teks in te sluit. Hierdie apparaat munt uit in volledigheid en akkuraatheid en is vandag steeds die standaardapparaat van die Openbaringboek.

Literatuur: Hoskier 1914; 1929.

6.4 Vertalings

Gedurende hierdie vroeë deel van die 20ste eeu is baie van die ou vertalings in tale soos Engels, Frans en Duits hersien en feitlik sonder uitsondering is verstellings aan die grondteks gemaak, sodat 'n grondteks gebruik is wat in 'n groter mate met die krities-wetenskaplike teks ooreengekom het.

'n Uitsondering was die ou Afrikaanse vertaling van 1933, wat steeds op die *Textus Receptus* gebaseer was. Dit is die moeite werd om vir 'n oomblik by hierdie gebeure stil te staan en te kyk waarom die ou Afrikaanse Bybelvertalers bereid was om die wetenskaplike ontwikkelinge van meer as tweehonderd jaar ten gunste van die *Textus Receptus* te ignoreer.

Literatuur oor die Afrikaanse Bybelvertaling gee maar 'n beskeie plek aan die grondteks van die Nuwe Testament. Dit is egter verstaanbaar as in ag geneem word dat die keuse van die grondteks waarskynlik nie die grootste, of selfs een van die grootste probleme van die destydse vertalers was nie. Sake soos die erkenning van Afrikaans, die wenslikheid van 'n Afrikaanse Bybel en die vraag of die Bybel uit Nederlands (die Statevertaling) of Grieks moes kom, was veel groter probleme.

Tog was die keuse van die grondteks nie vir die vertalers 'n onbelangrike saak nie en is daarvoor besin. Van die begin af is inderdaad in die regte rigting, dié van 'n kritiese teks, gedink. So word daar byvoorbeeld in 1885 aan SJ du Toit opdrag gegee om 'n vertaling te maak en die grondteks te gebruik wat vir die onlangs verskene Engelse vertaling gebruik is. Hiermee word waarskynlik na die grondteks van die *Revised Version*, dus waarskynlik die teks van Westcott en Hort, verwys. In 1886 word egter beswaar gemaak teen die gebruik van 'n kritiese teks, omdat daar gevoel is dat die Statevertaling, die uiteindelijke toetssteen vir die verwerping of aanvaarding van die Afrikaanse vertaling sal wees en dat 'n vertaling wat na aanleiding van die grondteks te ver van die Statevertaling sou afwyk, spoedig verwerp sou word.

In 1916 word opnuut 'n kommissie gevorm om met die vertaling van die Bybel te begin. Nadat aanvanklik besluit is om uit Nederlands (en nie Grieks nie) te vertaal, word na die verskyning van die proefuitgawe in 1922 besluit om tog maar uit Grieks te vertaal. Dit het die vraag na die grondteks weer na vore gebring en

ondanks kritiek van vooraanstaande teoloë uit Nederland, is tog besluit om die *Textus Receptus* as grondteks te gebruik. Veral Totius was gekant teen die gebruik van 'n kritiese teks. Hy het dieselfde praktiese beswaar daarteen gehad as wat teen SJ du Toit se vertaling gerig is, naamlik dat die gebruik van 'n teks wat van die Statevertaling verskil die hele vertaalpoging sou laat misluk - 'n beswaar wat ook deur andere gedeel is. Daarbenewens het hy ook prinsipiële beswaar gehad, wat waarskynlik die werklike rede vir sy afkeur aan die kritiese teks verraai. Hy was naamlik nie werklik oortuig dat die resultate van die ontwikkelinge in die Tekskritiek op vaste grond staan nie, met die gevolg dat hy nie heeltemal oortuig was dat die *Textus Receptus* 'n onbetroubare teks was nie. Verder het hy ook gemeen dat die werklike verskille tussen die *Textus Receptus* en die kritiese teks so min is, dat dit in werklikheid nie 'n verskil sou maak watter teks gebruik is nie.


Op hierdie wyse het die vroeë vertalers van die Afrikaanse Bybel in 1933 dus die wetenskaplike vordering van meer as tweehonderd jaar buite rekening gelaat toe hulle die Nuwe Testament moes vertaal. Deur die Afrikaanse Nuwe Testament op die *Textus Receptus* te baseer, is lesings by die Afrikaanse vertaling ingesluit wat duidelik nie deel van die oorspronklike Nuwe Testament was nie (soos die *comma johanneum* in 1 Jh 5: 7-8). Hoewel die taalstryd, en die vrees vir die verwerping van die Afrikaanse Bybel as sodanig, begrip vir die situasie en die besluit van die vertalers vra, is die Afrikaanse kerke deur hierdie besluit op die lang duur waarskynlik 'n onguns bewys. Dit tree tans in die debat oor die nuwe Afrikaanse vertaling van 1983 sterk na vore. Baie probleme en emosie rondom die nuwe vertaling kon vermy gewees het as die vertalers van 1933 die korrekte besluit ten opsigte van die grondteks van die ou Afrikaanse vertaling geneem het.

Literatuur: Petzer 1984a.

6.5 Samevatting

Hierdie tydperk in die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek kan beskou word as die tydperk waarin die kritiese teks en benadering gevestig is. Die aandag het wegbeweeg van die *Textus Receptus* en aspekte van die Hortiaanse historiese model en die klassieke metode is verfyn en uitgebou. Ook is daar in hierdie tydperk tekens van die ontwikkeling van verskillende metodes en benaderings tot die herstel van die teks, sodat die gevolgtrekking gemaak kan word dat in hierdie tydperk 'n openheid en vryheid tot die teks en sy probleme ontwikkel het.

Die geskiedenis van hierdie tydperk kan skematies soos volg voorgestel word:



7. DIE EKLEKTIESE TEKS (1930-1990)

Veral twee ontwikkelinge onderskei die tydperk van die eklektiese teks van die voorafgaande. In die eerste plek het die ontdekking en beskikbaarstelling van die *Chester Beatty-papiri* in 1930 en veral die *Martin Bodmer-papiri* in 1956-1960 'n verandering gebring in die algemene rigting waarin die metodiek van die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek ontwikkel het, ofskoon dit aan die materie van die kritiese teks weinig verskil gemaak het. Waar die metode waarvolgens die teks gerekonstrueer is tot aan die einde van die dertigerjare 'n klassieke karakter gedra het, het dit nou al hoe meer 'n eklektiese karakter begin kry. In hierdie verband kan daar, na aanleiding van die invloed wat die ontdekking van die genoemde twee manuskripvondste op die metodiek gehad het, tussen twee subtydperke onderskei word. Die ontdekking van die *Chester Beatty-papiri* het die aandag op die manuskripte individueel gerig en minder aandag is aan die teksfamilies en historiese modelle gegee. Tussen 1930 en 1960 is daar dus eerder op 'n eklektiese bestudering van die manuskripte individueel gefokus. Die ontdekking van die *Bodmer-papiri* het die teksfamilies en tekshistoriese model weer in fokus gebring, sodat daar sedert ongeveer 1960 weer aan die bestudering van individuele manuskripte binne die konteks van die teksgeskiedenis aandag gegee is.

In die tweede plek het dit duidelik geword dat die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek as wetenskap te groot geword het vir 'n enkeling om oor te sien.

Daarom word die huidige Tekskritiek gekenmerk deur meer klem wat deur individue gelê word op individuele aspekte van hierdie wetenskap aan die een kant en groter projekte, waarby 'n aantal tekskritici gesamentlik betrokke is, aan die ander kant. Die verandering in die aard van die tekskritiese metode en die neerslag wat dit in tekste gevind het, bring mee dat hierdie tydperk as die tydperk van die eklektiese teks beskou kan word.

In die derde plek word die eklektiese tydperk, veral die laaste gedeelte daarvan, deur iets van 'n metodologiese chaos gekenmerk, omdat tekste aan die hand van verskillende uiteenlopende en botsende metodes saamgestel is. Hierdie probleme het in die sewentigerjare 'n kulminasiepunt bereik en op verskeie skerp metodologiese debatte in vaktydskrifte uitgeloop.

Literatuur: B Aland 1976; K Aland 1959; 1960; 1967g; 1979; Casey 1957; KW Clark 1964; 1968; JK Elliott 1968b; 1987a; Epp 1974; 1976a; 1976b; 1979; 1980; Fee 1978/79; Hodges 1971b; Kilpatrick 1965a; Klijn 1951/52; 1959b; 1960/61; 1969; 1971; Metzger 1966/67b; 1968f; Moulton 1965; Oliver 1962; Omanson 1983; DC Parker 1978; Petzer 1986; Pickering 1980; Schäfer 1960.

7.1 Eklektisisme

7.1.1 Vroeë eklektisisme (1930-1960)

Die ontdekking van die Chester Beatty-papiri in die twintigerjare het vir die eerste keer in die geskiedenis van hierdie wetenskap direkte inligting oor die toestand van die teks in die 3de eeu gebied. Dit was dus vir die eerste keer moontlik om die kernaspekte van die Hortiaanse tekshistoriese model materieel te toets. Daar is aanvanklik verwag dat die papiri die model sou bevestig deur netjies binne die model van teksfamilies in te pas. Die teendeel het egter geblyk. Die tekste van die papiri was gevolglik as gemengde tekste getipeer. Dit was op hierdie stadium nie vreemd nie, omdat tekstuele vermenging nie 'n vreemde verskynsel in die manuskripte van die Nuwe Testament is nie. Hoewel dit op hierdie stadium geen dramatiese invloed op die rigting van die ontwikkeling gehad het nie, het dit tog die aandag meer op die manuskripte self as op die teksfamilies gerig, en is al hoe meer begin om die belangrikste manuskripte los van die teksfamilies te bestudeer.

Literatuur: Birdsall 1957a.

(a) Lagrange en Vaganey

Die effek hiervan op die tekskritiese metode is in 'n sekere mate reeds in die werk van die twee Franse tekskritici *M-J Lagrange* en *Leon Vaganey* sigbaar. Lagrange pleit vir, wat hy noem, 'n rasonele benadering tot die tekskritiek, waarin tekskritiese probleme nie deur die historiese keuse van 'n 'beste manuskrip' opgelos word nie, maar waarin die tekskritikus elke tekskritiese probleem individueel oplos deur die oorweging van alle beskikbare, veral interne, getuienis en waarvolgens hy redes moet kan gee vir dit wat hy as die oorspronklike lesing beskou. Vaganey sluit hierby aan wanneer hy in sy inleiding tot die tekskritiek (wat tans steeds in 'n effens verwerkte vorm as die standaardhandboek in Frans geag word) 'n hele aantal beginsels of kriteria gee waaraan elke lesing in elke variasie-eenheid getoets moet word ten einde te bepaal watter kans dit het om die oorspronklike te verteenwoordig. Hoewel nie een van hierdie twee kritici 'n teks gepubliseer het nie, is hulle waarskynlik die duidelikste vroeë eksponente van die verandering van 'n klassieke metode na 'n eklektiese metode. Lagrange en Vaganey staan aan die begin van 'n geslag Franse tekskritici, onder wie veral *Jean Duplacy* en *R Amphoux* later belangrike werk gedoen het.

Literatuur: Colwell 1969e; Delobel 1984; Lagrange 1935; Vaganey 1937.

(b) Zuntz

Dat hierdie wyse van die bestudering van tekste spoedig posgevat het, is duidelik in die werk oor die Pauliniese Briewe van *Gunther Zuntz* in 1953. Hierdie detailbespreking van die lesings in die manuskripte van die Pauliniese Briewe volg in breë trekke dieselfde benadering as die wat Lagrange voorstel, deurdat Zuntz die variasie in die briewe lesing vir lesing bespreek terwyl hy besondere aandag aan die teks van P⁴⁷ wy. Hoewel ook hy geen teks gepubliseer het nie, is sy werk belangrik, omdat hy die nuwe benadering in sy invloedryke werk verder beklemtoon het. Die werk word steeds aanvaar as die standaardwerk oor die teks van die Pauliniese Briewe.

Literatuur: Zuntz 1953.

(c) BFBS²

Die eerste noemenswaardige teks wat in hierdie tydperk verskyn het, is die tweede uitgawe van die teks van die *British and Foreign Bible Society* (BFBS²), wat in 1954

verskyn het. Dit was 'n heruitgawe en effense verwerking van die eerste teks (wat in 1904 verskyn het) en is gesamentlik deur *Erwin Nestle* en *George Kilpatrick* voorberei. Die teks het egter nie veel van die eerste uitgawe verskil nie, ofskoon Kilpatrick 'n radikale weergawe van die eklektiese metode voorgestaan het.

Literatuur: BFBS 1954.

(d) Samevatting

Die vroeë eklektiese tydperk was dus gekenmerk deurdat meer aandag geskenk is aan inhoudelike aspekte en die ontwikkeling van 'n eklektiese benadering waarin ook interne getuienis 'n groot rol gespeel het. Dit is asof die Chester Beatty-papiri die tekskritiese wêreld laat besef het, dat die bestudering van manuskripte en tekstipes nie genoeg is om die probleme van die teks op te los nie en dat inhoudelike aspekte ook aandag moet kry. Vir 'n tyd lank het die bestudering van inhoudelike aspekte (in besonder die inhoud van bepaalde individuele manuskripte) die tekskritiek gevolglik gedomineer, met enkele egter uitsonderings steeds binne die raamwerk van die Hortiaanse tekshistoriese model.

Literatuur: Birdsall 1960.

7.1.2 Latere eklektisisme: Gematig (1960 tot 1990)

Soos die ontdekking van die Chester Beatty-papiri 'n verandering in die rigting van die metodologiese ontwikkeling gebring het, het ook die ontdekking van die Martin Bodmer-papiri 'n eie stempel afgedruk op die rigting waarin ontwikkel is. Die koms van hierdie papiri het die aandag opnuut by die manuskripte en hul waarde vir die herstel van die teks bepaal en waar daar in die vroeë eklektiese periode veral aandag aan interne sake gegee is, het die geskiedenis van die teks en die rekonstruksie daarvan weer op die voorgrond begin tree.

Soos in die geval van die Chester Beatty-papiri, is aanvanklik gemeen dat die Martin Bodmer-papiri die Hortiaanse historiese model sou bevestig. Sekere manuskripte, soos P⁷⁵, wat baie nou met die teks van *Kodeks B* ooreenkom, het dit inderdaad ook gedoen. Tog was daar 'n probleem, omdat sekere van hierdie manuskripte, soos P⁶⁶, nie binne die Hortiaanse raamwerk wou pas nie. Dit het tekskritici genoop om ook weer na die Chester Beatty-papiri te kyk, wat dieselfde soort probleme gelewer het. Daar is besef dat dit problematies is om hierdie manuskripte sonder meer as gemengde manuskripte te beskou - dus manuskripte

wat eienskappe van meer as een tekstipe bevat - omdat hulle almal vroeër as die oudste manuskripte waarop die Hortiaanse model gebaseer was, gedateer word. Die gevoel was toe dat die Hortiaanse model nie in alle besonderhede meer korrek geag kan word nie, en dat dit dus hersiening nodig het. Die enigste aspek van die model wat steeds vasstaan en deur die papiri bevestig is, is die gronde waarop die *Textus Receptus* se aansprake om die oorspronklike teks te verteenwoordig, verwerp is. Hoewel die probleem dus besef en erken is, was dit egter nie so maklik om 'n alternatiewe rekonstruksie daar te stel nie, hoofsaaklik omdat die papiri so fragmentaries is dat dit moeilik vir finale gevolgtrekkings gebruik kan word. Gevolglik is nie almal dit eens oor hoe ver so 'n alternatiewe rekonstruksie moet gaan nie. Terwyl sommiges meen dat slegs detailvertellings aan die Hortiaanse model nodig is, meen andere dat die model in geheel hersien moet word. Die probleem is dus een van 'n gebrek aan inligting: Voldoende inligting is beskikbaar om probleme in die ou model uit te wys. Die inligting is egter te min om oortuigende alternatiewe te rekonstrueer.

Literatuur: K Aland 1957d; 1965; 1967a; 1970/71; 1979; 1981; Aland & Aland 1982; Birdsall 1960; KW Clark 1968; Delobel 1977; Fee 1978b; Filson 1957; Junack 1978; King 1964; Klijn 1956/57; 1960/61; 1971; Metzger 1961/62a; Petzer 1986; Porter 1967.

(a) Colwell

Hierdie dilemma waarin die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek beland het, het egter belangrike ontwikkelinge in verskillende aspekte van die metodologie meegebring. In die eerste plek het dit die aandag van die interne getuienis terug na die historiese elemente van die metode verskuif. Dit is byvoorbeeld reeds duidelik in die pleidooi van die Amerikaanse tekskritikus *Ernest C Colwell* in die vyftigerjare dat weer na Westcott en Hort teruggekeer moet word. Hierdie pleidooi is nie soseer 'n ondersteuning van die Hortiaanse model in al sy besonderhede as 'n pleidooi om meer aandag aan die teksgeskiedenis, in plaas van die bestudering van interne aspekte van manuskripte, te gee nie. Colwell self was nou betrokke by die ontwikkeling van metodologiese aspekte rondom die akkurate en noukeurige bepaling van die verwantskap van manuskripte en het baie gedoen om 'n goeie kwantitatiewe metode vir hierdie doel te ontwerp.

Literatuur: Colwell 1967; 1969a.

(b) Metzger, Wikgren, Black, Martini, Klijn, Epp en Fee

Die dilemma van die rekonstruksie van die geskiedenis van die teks het nie alleen gevolge vir detailaspekte van die metode gehad nie, maar het uiteindelik ook die metode self geraak. Omdat die onsekerheid dit onmoontlik gemaak het om finale gevolgtrekkings ten opsigte van die teks op historiese gronde te baseer, het die konsekwente gebruik van die klassieke metode onmoontlik geword. 'n Samesmelting van aspekte van die eklektiese benadering van die dertiger- tot sestigerjare en die nuwe klem op die tekshistoriese aspekte wat sedert die sestigerjare ontwikkel het, het uitgeloop op dit wat vandag as die *gematigde eklektiese metode* bekend geword het. Die ontwikkeling van hierdie metode staan in noue verband met die werk van tekskritici soos Colwell, *Bruce Metzger*, *Allan Wikgren*, *Matthew Black*, *Carlo Martini*, *Kurt Aland*, *Fred Klijn*, *Eldon Epp* en *Gordon Fee* en is ongetwyfeld verhaas deur die projek wat in 1955 deur die Verenigde Bybelgenootskappe (UBS) geloods is om 'n teks daar te stel wat veral vir die vertaling van die Griekse Nuwe Testament geskik is. Veral Metzger het baie bygedra tot die afronding en formulering van die metode vroeg in die sewentigerjare. Sedertdien het die metode veral groot invloed op die Amerikaanse tekskritiek gehad. Die metode is op die lesings gerig en doel daarvan is om aan die hand van eksterne en interne kriteria in elke geval van variasie te bepaal watter lesing waarskynlik die oorspronklike verteenwoordig. Op hierdie wyse moet die geskiedenis van elke variasie-eenheid individueel beskryf word. In elke geval van variasie moet die lesing wat deur die variasie-geskiedenis as waarskynlik die oorspronklike uitgewys word, gekies word.

Literatuur: Epp 1976a; 1976b; Fee 1976; 1982a; Martini 1978; Metzger 1968b; 1971; kyk ook literatuur by UBS-tekste (7.1.2(c)) hieronder.

(c) Die UBS-tekste

Hierdie metode is in die samestelling van die Verenigde Bybelgenootskappe se teks, die *sogenaamde* UBS-reeks, gebruik. Hierdie reeks tekste is op inisiatief van die groot vertaalkundige *Eugene A Nida* in 1955 van stapel gestuur. Die Duitser Kurt Aland is as voorsitter van 'n internasionale paneel tekskritici, bestaande uit hom, die Amerikaners Metzger en Wikgren, die Brit Black en die Italianer Martini (*AA Voöbus* het vir 'n kort rukkie in die plek van Martini in die paneel gedien), aangewys om die projek te koördineer. Die projek het spoedig resultate opgelewer toe die eerste uitgawe in 1966 (*UBS*¹) en die tweede kort daarna in 1968 (*UBS*²) gepubliseer is. Selfs na die eerste twee uitgawes was die paneel nog nie tevrede nie

en in 1975 (*UBS³*) verskyn die derde en laaste uitgawe van hierdie teks. In 1983 verskyn 'n heruitgawe (*UBS^{3a}*) van die derde uitgawe, waarin die tekskritiese apparaat hersien en op datum gebring is. Sedert die publikasie van hierdie teks het dit soveel belangstelling gaande gemaak dat dit as die nuwe standaardteks bekend geword het. Saam met die derde uitgawe het daar ook 'n kommentaar in 1971 verskyn, die *Textual Commentary*, wat deur Metzger geskryf is. Hierin behandel hy elke variasie-eenheid in die kritiese apparaat individueel en verduidelik hy watter redes en gronde die paneel vir elke beslissing gegee het.

Literatuur: K Aland 1966; 1968; 1977; Aland, Black, Metzger & Wikgren (eds) 1966; Aland, Black, Martini, Metzger & Wikgren (eds) 1968; 1975; 1983; M Black 1957/58; 1977; Bonsack 1968; EG Edwards 1977; JK Elliott 1973; 1975b; 1975c; 1978c; 1979b; 1979c; 1981b; Kilpatrick 1979a; Markham 1966; 1967; Moir 1967/68; Moulton 1966; Neill 1967; Nida 1959; Ross 1976b; 1983; Roysse 1983; Sparks 1968; Wallis 1967.

(d) Die Nestle-Aland-reeks

Intussen het ook die Nestle-Aland-teks enkele uitgawes beleef. Die 24ste uitgawe van die teks (*NA²⁴*) het in 1960 verskyn en die 25ste (*NA²⁵*) in 1963. Voor die verskyning van die UBS-reeks, en daarna saam met die tekste van hierdie reeks, het *NA²⁵* die mees invloedryke teks tot die verskyning van die 26ste uitgawe van die reeks (*NA²⁶*) in 1979 gebly. In *NA²⁶* is presies dieselfde teks as dié in *UBS³* afgedruk. Die twee tekste verskil egter van mekaar ten opsigte van die tekskritiese apparaat, en terwyl die UBS-reeks 'n spesiale eenmalige projek van die Verenigde Bybelgenootskappe was, word die NA-reeks as die voortsetting van 'n trotse Duitse tradisie aangebied. Hierdie teks word onder groot protes van sommige kritici daarvan as die nuwe standaardteks deur sommige van sy samestellers aangebied.

Literatuur: K Aland 1959/60; 1960; 1968; 1977; 1982; Aland, Black, Martini, Metzger & Wikgren (eds) 1979; Baarda 1980; Bartsch 1980; 1981; Collins 1984; De Jonge 1980b; Delobel 1980; JK Elliott 1981b; 1981c; Fee 1965; Larson 1981; Neiryck 1979; Nestle & Aland (eds) 1960; 1963; Van Belle 1980.

(e) Aland en die Institut für neutestamentliche Textforschung

Die voortgaande produksie en hersiening van veral die NA-reeks, maar tans ook die UBS-reeks, staan in 'n nou verband met die werk van die *Institut für neutestamentliche Textforschung* in Münster, Wes-Duitsland. Hierdie instituut is na die Tweede Wêreldoorlog deur Kurt Aland gestig. Die eerste doel van die Instituut was om soveel moontlik van die manuskripte van die Griekse Nuwe Testament op

mikrofilm vas te lê. Na ongeveer 'n halwe eeu se versamelwerk, wat alles onder Kurt Aland se leiding gedoen is, is in hierdie doel geslaag en tans is ongeveer vyf en neëntig persent van alle manuskripte van die Griekse Nuwe Testament by die Instituut op mikrofilm beskikbaar vir enigeen wat dit wil bestudeer. Die proses van die verwerking van die inligting in die manuskripte is tans onder leiding van *Barbara Aland*, die nuwe direkteur van die Instituut, aan die gang en die eerste resultate van die projek, naamlik om 'n kritiese uitgawe van die teks met 'n volledige kritiese apparaat van die Algemene Briewe saam te stel, is onlangs gepubliseer. Wanneer hierdie *Editio Maior Critica*-projek, wat reeds 'n aantal jare aan die gang is, afgehandel sal wees, is moeilik om te voorspel. Naas hierdie projek is daar ook 'n aantal ander projekte by die Instituut aan die gang. Onder die belangrikste is 'n rekenaarprojek waarvolgens klein fragmentjies wat uit slegs enkele letters bestaan, korrek geïdentifiseer kan word. Daarnaas word ook aandag gegee aan belangrike hulpmiddels by die bestudering van die teks van die Nuwe Testament. So is daar byvoorbeeld reeds volledige konkordansies (een met die hand en die ander met 'n rekenaar saamgestel) gepubliseer.

Naas al die praktiese voordele wat hierdie instituut vir die ontwikkeling van die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek inhou, het dit ook belangrike metodologiese konsekwensies. Aland het naamlik in die laat vyftigerjare begin om 'n eie tekshistoriese model, hoofsaaklik gebaseer op die bestudering van die vroegste papiri, die lig te laat sien. Hoewel nog baie vrae onbeantwoord gelaat is, is die breë buitelyne van die model vroeg in die tagtigerjare gepubliseer (kyk hoofstuk 6 (3.2.2) hieronder vir beskrywing). Op grond van hierdie model word alle bekende manuskripte, na aanleiding van hulle waarde vir die rekonstruksie van die teks en teksgeskiedenis, deur middel van 'n ontleding van hulle teks in ongeveer 'n duisend geselekteerde variasie-eenhede in kategorieë ingedeel. Na aanleiding hiervan word besluit watter manuskripte in die rekonstruksie van die teks buite rekening gelaat kan word en watter daarvoor belangrik is.

Literatuur: B Aland 1976; 1986a; K Aland 1959; 1960; 1965; 1967a; 1967b; 1968; 1976b; 1979; 1981; 1986; Aland & Aland 1982; Kunst (ed) 1969; 1970; 1972; 1974; 1977; 1979; 1982; 1985.

(f) O'Callaghan

Vroeg in die sewentigerjare het 'n Spaanse tekskritikus, *José O'Callaghan*, beweer dat enkele papyrusfragmente onder die manuskripte wat by die Dooie See gevind is, moontlik manuskripte van die Nuwe Testament kan wees. Indien hierdie teorie sou slaag, kon dit 'n revolusie in hierdie wetenskap gebring het. Die fragmente was egter so klein - dit het slegs enkele letters bevat - dat daar bewys is dat daar ook talle

plekke in die Septuaginta is waar die manuskripte kan pas, sodat die teorie vandag verwerp is.

Literatuur: K Aland 1973; 1974; Benoit 1973; Estrada 1971/72; Fee 1973; Garnett 1973; Hemer 1974; Martini 1972; O'Callaghan 1972; 1973; Reicke 1972; Roberts 1972; Thiede 1984; Vardaman 1971/72; WJ White 1972.

7.1.3 Latere eklektisisme: Radikaal (1960-1990)

In die vyftigerjare het daar 'n herlewing van die vroeëre radikale toepassing van die eklektiese beginsel deur veral CH Turner voorgekom. Geïnspireer deur veral Lagrange se oproep tot rasonale kritiek, het enkele tekskritici heeltemal met die gedagte van 'n 'beste manuskrip' gebreek en gebruik hulle slegs, of hoofsaaklik, interne getuienis om die teks te rekonstrueer. 'n Aantal debatte tussen voor- (veral Elliott en Kilpatrick) en teenstanders (veral Flatt en Fee) van hierdie benadering het laat in die sewentigerjare voorgekom.

Literatuur: Ross 1983.

(a) Kilpatrick

Die beweging is deur veral *George D Kilpatrick* geïnisieer. Aangespoor deur die eis tot rasonale kritiek van Lagrange, het Kilpatrick naamlik begin om eksterne of historiese oorwegings geheel uit sy metode te laat en die teks te herstel deur bloot van interne oorwegings gebruik te maak. Dit vind uiteindelik neerslag in die *Greek-English Diglot*. Dit is uitgawes van die Nuwe Testament in Grieks en Engels, waarvan die Griekse teks aan die hand van hierdie radikale eklektiese metode saamgestel is. Na die publikasie van enkele boeke van die Nuwe Testament gedurende 1961-1964, is besluit om die projek te laat vaar. Vandag is slegs enkele kopieë van hierdie teks nog beskikbaar. Dit is bekend dat Kilpatrick vir 'n geruime tyd besig was om die teks te hersien, toe hy vroeg in 1989 oorlede is. Hoewel hierdie teks onder fel kritiek deurgeloopt en uiteindelik deur die tekskritiese wêreld verwerp is, het dit tog 'n belangrike bydrae tot die metodologiese ontwikkeling van hierdie wetenskap gelever, omdat dit vir die eerste keer prakties gewys het wat die resultate van die eklektiese metode in sy radikaalste vorm is.

Literatuur: Fee 1976; Kilpatrick 1943; 1944b; 1958b; 1963c; 1965a; 1967b; 1976; 1978a; 1981; Kilpatrick (ed) 1961-1964.

(b) Tasker

Die teks van *RVG Tasker*, wat in 1961 verskyn het, verdien ook om vermeld te word. Hierdie teks was 'n poging om die teks ten grondslag van die *New English Bible*, te rekonstrueer en dit blyk dat dit ook op redelike konsekwente eklektiese beginsels gebaseer is.

Literatuur: Tasker (ed) 1964.

(c) Elliott

Hoewel hy geen teks gepubliseer het nie, is die werk van *J Keith Elliott*, 'n student van Kilpatrick, ook belangrik. Op die spoor van Kilpatrick, Lagrange en Turner gebruik hy uitsluitlik interne getuienis om tekskritiese probleme op te los. Benewens talle artikels het sy benadering in 'n gedetailleerde bespreking van die teks van die Pastorale Briewe neerslag gevind. Hierdie boek is 'n besonder deeglike bespreking van elke noemenswaardige variasie-eenheid in die betrokke briewe.

Literatuur: JK Elliott 1968b; 1972c; 1974; 1977c; 1978a; 1988c; Fee 1976; Flatt 1975.

(d) Boismard en Lamouille

Die laaste noemenswaardige eklektiese teks wat in die tagtigerjare verskyn het, is 'n uitgawe van die teks van Handeling deur twee Franse tekskritici, *ME Boismard* en *A Lamouille* in 1984. Hierdie is 'n merkwaardige teks omdat dit twee tekste van Handeling bevat, die Alexandrynse teks sowel as die Westerse teks. Die teorie ten grondslag van hierdie twee tekste is gewortel in die probleme rondom die feit dat sommige manuskripte van Handeling 'n kort Alexandrynse teks bevat, terwyl andere 'n lang Westerse teks bevat. Daar is geen voor-die-hand-liggende verklaring vir hierdie verskynsel nie, en geen oplossing wat daarvoor voorgestel is, slaag om alle probleme uit die weg te ruim nie. Eerder as om een van die twee tekstipes as verteenwoordigend van die oorspronklike Handelingeteks te kies, meen Boismard en Lamouille dat beide tekste uit die pen van die skrywer van Handeling gekom het en dat een 'n latere hersiening van die ander is. Hierdie is 'n kontroversiële, dog interessante, teks wat op 'n ewe kontroversiële teorie gebaseer is.

Literatuur: Boismard 1981; Boismard & Lamouille 1987; Boismard & Lamouille (ed) 1984; JK Elliott 1988d; Haelewjick 1988.

7.2 Die meerderheidsteks

Naas die eklektiese benadering word die laat 20ste eeu ook gekenmerk deur hernieuwe belangstelling in die *Textus Receptus*. Aan die begin van die eeu het dit gelyk of hierdie ou en uitgediende benadering finaal die nek ingeslaan is. Tog het daar in die vyftigerjare, maar veral sedert die laat sestigerjare, hernieuwe belangstelling in hierdie benadering na vore getree. Die beweging het in die sewentigerjare momentum gekry en onlangs is daar selfs 'n *Majority Text Society* gestig, met die doel om die beweging te bevorder. Soos die debatte tussen voorstanders van 'n gematigde en radikale eklektiese metode laat in die sewentigerjare, het daar gedurende dieselfde tydperk uiters fel debatte tussen eklektici en voorstanders van hierdie beweging in vaktydskrifte voorgekom. Dit was veral tussen Hodges en Pickering aan die een kant en Fee en Taylor aan die ander kant.

Literatuur: Fuller (ed) 1972; 1973; Garrett 1982; Holmes 1982/83; Nida 1981b; Scanlin 1985; RA Taylor 1974.

(a) Hills

Die beweging het in die vyftigerjare ontstaan, toe *EF Hills* weer probeer het om tot verdediging van die *Textus Receptus* te kom. In daardie tyd het dit egter geen impak op die tekskritiese wêreld gehad nie.

Literatuur: Hills 1956.

(b) Hodges, Pickering, Van Bruggen en Sturz

Ongeveer 'n dekade later blyk daar 'n oplewing in die belangstelling in die *Textus Receptus* en sy teks plaas te vind. In Dallas, Texas, begin *Zane Hodges* in die sestigerjare en *Wilbur Pickering* in die sewentigerjare opnuut om die *Textus Receptus* te laat herleef. Onafhanklik van hierdie twee Amerikaners verskyn ook in Nederland 'n boekie uit die pen van *Jakob van Bruggen*, waarin die aansprake van hierdie teks opnuut verdedig word. Omdat hulle egter beseft dat die *Textus Receptus* self nie meer verdedigbaar is nie, probeer hulle die beweging op 'n wetenskaplike voet plaas deur argumente aan te voer waarom die *tekstipe* wat in die *Textus Receptus* aangetref word, die laat-Middeleeuse minuskelteks of die meerderheidsteks, 'n getroue weergawe van die oorspronklike teks is. Geen nuwe argumente naas dié van Burgon en selfs van sy voorgangers, is egter na vore gebring nie. Die verskyning van 'n werk deur *Harry Sturz* in 1984, waarin lesings van die papiri as 'n bewys van die waarde van die Bisantynse teks voorgelê word, is die

enigste noemenswaardige poging om die aansprake van hierdie beweging op 'n vaste grondslag te plaas.

Literatuur: JK Elliott 1988d; Fee 1978a; 1978b; 1978/79; 1980a; Hodges 1971a; 1971b; 1978a; 1978b; 1981; Hodges & Hodges 1980; Pickering 1978; 1980; Sturz 1984; RA Taylor 1977; 1978; Van Bruggen 1976; 1980; 1982.

(c) GNTMT

In 1982 word die resultate van hierdie nuwe beweging om die herstel van die teks van die *Textus Receptus* gepubliseer in 'n teks met die titel *The New Testament according to the Majority Text (GNTMT)*. Die teks is deur Zane Hodges en Arthur Farstad saamgestel. In 'n poging om die nuwe meerderheidstekbenadering 'n wetenskaplike aansien te gee, word die tekste van Openbaring en die *pericope de adultera* (Jh 7: 53-8: 11) gebaseer op die resultate van 'n genealogiese metode, met die meerderheidstek as vertrekpunt vir die genealogie. Hierdie metode word as 'n model vir die hele teks voorgedra. Vanweë die feit dat daar nie volledige apparate vir ander boeke in die Nuwe Testament bestaan nie, kon dit volgens die samestellers egter nie op die ander boeke toegepas word nie en is vir die res van die teks bloot manuskripte getel. Die lesings wat op elke plek van variasie in die numeriese meerderheid manuskripte voorkom, is gevolglik in die res van die teks gepubliseer. Hierdie teks is die eerste poging na die oorspronklike publikasie van die *Textus Receptus* in die 16de en 17de eeu om 'n vernuwing daarvan die lig te laat sien.

Literatuur: Hodges 1981; Hodges & Farstad (eds) 1982.

(d) Die New King James Bible

Die hernieude pogings om die meerderheidstek te bevorder, het ook reeds in vertalings neerslag gevind. In 1981 verskyn die Nuwe Testament van die *New King James Bible*. Dit is 'n poging om die taal van die ou *King James Bible* van 1611 te moderniseer en om die mees ooglopende tekstkritiese probleme (soos die *comma johanneum* in 1 Jh 5: 7-8) daaruit te haal. Daarbenewens kry hierdie beweging al hoe groter invloed in veral die Derde Wêreldlande in Latyns-Amerika, waar die invloed van die Verenigde Bybelgenootskappe nie so groot is nie.

Literatuur: Nida 1981b.

7.3 Kritiese apparaat

Die ontdekking en publikasie van meer en meer manuskripte gedurende die 19de en vroeë 20ste eeu, het dit al hoe meer noodsaaklik gemaak dat 'n weg gevind moet word om die lesings van hierdie manuskripte beskikbaar te stel. Tischendorf het dit reeds in die 19de eeu met die 8ste uitgawe van sy teks probeer doen. Na hom het Von Soden dit vroeg in die 20ste eeu probeer doen en uiteindelik het Hoskier dit laat in die twintigerjare met Openbaring gedoen.

(a) Legg

Omdat beide Tischendorf en Von Soden se tekste òf onakkuraat òf nie meer op datum was nie, is die taak aan *SCE Legg* opgedra om met so 'n projek te begin in 'n poging om 'n teks met 'n volledige kritiese apparaat daar te stel. Die projek lewer ook spoedig resultate op. Die Evangelie van Markus verskyn in 1935, terwyl die teks van Matteus in 1940 verskyn. In beide is die teks van Westcott en Hort gedruk, met die variante lesings in die voetnote. Die twee tekste het hulle egter 'n stortvloed van kritiek op die hals gehaal, sowel ten opsigte van die volledigheid as die akkuraatheid van die inligting. So erg was dit dat die uitgewer geweier het om met die projek voort te gaan. Gevolglik is die teks van die Lukasevangelie, wat reeds voltooi was, nooit gepubliseer nie. Nieteenstaande die probleme in hierdie tekste, is en bly dit egter steeds vandag die mees volledige kritiese apparaat van die betrokke twee Evangelies en kan geen tekskritikus bekostig om daarsonder klaar te kom nie.

Literatuur: Kilpatrick 1942a; Legg (ed) 1935; 1940.

(b) Die IGNTP-teks van Lukas

Legg se tekste het misluk hoofsaaklik omdat die inligting te veel vir 'n enkeling geword het om te hanteer. Gevolglik is 'n komitee van tekskritici wat met die teks van die Lukasevangelie sou voortgaan, laat in die veertigerjare in die VSA en Engeland gevorm. So het dit wat as die *International Greek New Testament Project (IGNTP)* bekend geraak het, sy beslag gekry. Wat aanvanklik as 'n projek vir enkele jare beplan is, het uiteindelik veertig jaar geneem om te voltooi. Die uiteindelige produk het in twee volumes in 1984 en 1987 onder die uitvoerende redakteurskap van Keith Elliott die lig gesien. Dit is gepubliseer as die 3de volume van die reeks wat deur Legg begin is. Anders as die uitgawes van Legg, is die *Textus Receptus* as basisteks vir die Lukasuitgawe gebruik. Die rede daarvoor was ekonomies van aard. Omdat verreweg die meeste manuskripte wat verwys word, minuskels is en die

minuskels gewoonlik nie baie van die *Textus Receptus* verskil nie, word baie plek bespaar deur die vermyding van die herhaling van inligting. Die kritiese apparaat is baie noukeurig saamgestel en bevat 'n magdom inligting, wat nie alleen vir die tekskritikus van waarde is nie, maar wat ook vir die eksegeet en die kerkhistorikus waardevol kan wees.

Literatuur: K Aland 1965/66a; Colwell, Sparks, Wisse & McReynolds 1968; JK Elliott 1983b; 1986b; WJ Elliott 1976; IGNTP 1984-1987; Klijn 1951/52; Parvis 1946; 1950; Petzer [1989b] Saunders 1955.

(c) IGNTP-tekse van Johannes

Na die afhandeling van die apparaat van die Lukasevangelie in 1987, is in 1988 in Engeland en in 1989 in die VSA twee nuwe komitees gevorm om met die Johannes-evangelie voort te gaan. Hoewel die projek tans maar in 'n beplanningstadium is, word dit voorsien dat die apparaat van die Johannesevangelie veel gouer afgehandel sal word as wat dit geneem het om die Lukasevangelie af te handel.

(d) Osburn

Carroll Osburn, van Texas in die VSA, werk aan 'n projek waarvolgens hy 'n soort poliglot van Handelingte wil daarstel. Dit sal bestaan uit kritiese uitgawes van die Griekse teks en die belangrikste vertalings van Handelingte, vergesel van 'n volledige kritiese apparaat van elk. Die projek is tans in 'n beginstadium en sal nie voor 'n hele paar jaar afgehandel wees nie. In die proses van die projek word beplan om so volledig moontlik 'n gerekenariseerde databasis van alle variante lesings in die manuskripte van Handelingte te skep.

(e) Die Editio Maior Critica

Naas die genoemde tekste verdien ook 'n projek, waarna reeds in 'n ander hoedanigheid verwys is, verdere verwysing. Dit is die *Editio Maior Critica*-projek, onder leiding van Barbara Aland in Wes-Duitsland, wat poog om 'n volledige kritiese apparaat vir die Algemene Briewe daar te stel. Hierdie teks verskil, soos dié van Osburn, egter van dié van Legg en die *IGNTP* daarin dat dit nie bestaande tekste as basis wil gebruik nie, maar die apparaat by 'n eie kritiese uitgawe van die betrokke boeke wil voeg. Ofskoon die projek reeds in die sestigerjare aangekondig is, het daar nog geen finale resultate van verskyn nie en vanweë bepaalde faktore was dit op 'n stadium byna van die baan. Die projek het egter in die tagtigerjare

nuwe momentum gekry en die eerste voorlopige resultate het onlangs verskyn.

Literatuur: B Aland 1986b; 1986c; K Aland 1969/70; 1986; 1987a; 1987b; 1987c; 1987d.

7.4 Vertalings

'n Hele aantal nuwe vertalings, wat veral ten opsigte van vertaalmetode en vertaalstyl van mekaar verskil, het sedert 1930 verskyn. Met enkele uitsonderings (soos die nuwe *King James Bible*) is almal op eklektiese uitgawes van die Griekse Nuwe Testament, veral die UBS-reeks, gebaseer.

Die nuwe Afrikaanse vertaling, wat in 1983 verskyn het, was geen uitsondering nie, en dit is reeds uit die proefuitgawes duidelik dat 'n verandering in die grondteks van die Nuwe Testament met hierdie vertaling ingetree het. Toe die vertalers in 1958 met hulle werk begin het, is besluit om die beste kritiese teks as grondteks te gebruik. Met die verskyning van die eerste uitgawe van die UBS-tekse in 1966 is besluit om UBS¹ te gebruik. Die finale produk is uiteindelik op die derde uitgawe gebaseer. Die Nuwe Testament van die nuwe Afrikaanse vertaling is dus op waarskynlik die beste beskikbare teksuitgawe van die Griekse Nuwe Testament ooit gebaseer. Onder die talle interessanhede en nuwighede van hierdie vertaling tel ook die enkele tekskritiese notas, waar baie kortliks verduidelik word waarom sekere tradisioneel bekende gedeeltes nie in die nuwe vertaling verskyn nie.

Literatuur: Lightfoot 1961; Petzer 1984a; 1988d.

7.5 Samevatting

Die geskiedenis van die teks in die laaste periode kan skematies soos volg voorgestel word:

